DIENSKNEG-LEIERSKAP.

Een van die fundamentele elemente vir kerkgroei is dienskneg-leiers.

Darrow L. Miller het ’n boekie geskryf ***“Servanthood: the calling of every Christian”*** en ds. Coenraad Vrey het die boekie in Afrikaans vertaal: ***“Dienaarskap: die roeping van elke Christen.”***

Hierdie boekie is nuttig om vir Bybelstudie te gebruik of as ’n riglyn vir ’n reeks preke oor dienskneg-leierskap.

Dr. Malan van Rhyn het juis aan die hand van die boekie ’n reeks van 8 preke gemaak om kerkgroei te stimuleer deur te wys op die Bybelse opdrag tot dienskneg-leierskap. Die boekie en die preekreeks word aangebied vir gebruik, op watter wyse ook al, ten einde kerkgroei aan die hand van dienskneg-leierskap te stimuleer.

1. MATTEUS 20:25–28

“Jesus roep hulle toe nader en sê: “Julle weet dat dit by die nasies so is dat die regeerders oor hulle baasspeel, en dat die groot manne die mag oor hulle misbruik. 26 Maar by julle moet dit nie so wees nie. Elkeen wat in julle kring groot wil word, moet julle dienaar wees; 27 en elkeen wat onder julle die eerste wil wees, moet julle slaaf wees. 28 So is dit ook met die Seun van die mens: Hy het nie gekom om gedien te word nie maar om te dien en sy lewe te gee as losprys vir baie mense.”

TEMA: ’N CHRISTEN IS ’N BEDIENDE SOOS CHRISTUS!

1. **Ek is ’n bediende**
2. **Ek moet barmhartig wees soos God**
3. **Ek moet dien soos Christus gedien het**

1. Een van die woorde wat ons die afgelope paar jaar baie hoor, is “uitkontrakteer”. Dit beteken dat jy werk, wat eintlik jou werk is, aan iemand anders gee om te doen en dan betaal jy hulle daarvoor. Jy gaan dus eerder die uitgawe aan as om self die werk te doen.

Ongelukkig het dit in die kerk ook so begin werk. Lidmate het hulle dienswerk begin uitkontrakteer. Ons is nie lus om siekes te besoek en treurendes te vertroos en mense met probleme by te staan nie. Kom ons betaal liewer die dominee om dit namens ons te doen. As daar ’n ongemaklike takie in die

gemeente is, kontrakteer ons dit uit. Soms huur ons iemand om dit te doen, soms kontrakteer ons dit uit aan ’n kommissie wat maar self moet sien en kom klaar.

Ek is nie lus om die nuusbrief te tik en te druk nie. Ek betaal iemand daarvoor. Ek is nie lus om die administrasie van die kerk of die finansies van die kerk te behartig nie. Ek betaal iemand daarvoor.

Party mense is hulle lewe lank lidmate van die kerk sonder om ooit te verstaan wat Christenskap regtig beteken. Hulle is soos iemand wat hulle lewe lank lid is van ’n rugbyklub sonder dat hulle ooit aan ’n rugbybal gevat het of ’n wedstryd gespeel het.

Een van die redes waarom die voorspoedgodsdiens so vinnig toeneem in Afrika en in die res van die wêreld is omdat mense nie verstaan wat ’n Christen is en wat Christenskap behels nie. Baie mense dink om ’n Christen te wees beteken om God vir jou span te kies en omdat Hy dan aan jou kant is, kan niks verkeerd loop nie. Hy sal sorg dat jy ’n wenner is en altyd ryk en gesond en voorspoedig.

Die Bybel maak dit egter baie duidelik dat ’n Christen ’n slaaf is, ’n dienskneg, ’n bediende, ’n kelner. Al is ons konings en profete en priesters, moet ons soos slawe en diensknegte en bediendes en kelners optree in die wêreld.

Ons moet dus soos Jesus wees. Al is Hy self God, het Hy ’n mens geword wat kom dien het soos ’n slaaf. Jou dienswerk as Christen kan nie uitgekontrakteer word nie.

Jesus sê vir sy dissipels in vers 18-19: “Kyk, ons gaan nou Jerusalem toe. Daar sal die Seun van die mens aan die priesterhoofde en skrifgeleerdes oorgelewer word, en hulle sal Hom tot die dood veroordeel. 19 Hulle sal Hom uitlewer aan die heidene, wat Hom sal bespot en gesel en kruisig. En op die derde dag sal Hy uit die dood opgewek word.”

Dit is hoe Hy gedien het. Maar net nadat Hy dit gesê het, kom Jakobus en Johannes se ma na Hom toe en vra of haar twee seuns eendag saam met Hom op sy troon mag sit. So is dit vandag nog. Ons wil eerder op ’n troon saam met die Here sit as wat ons sy bediendes in die wêreld wil gaan wees.

Daarom begin ons vanoggend met ’n reeks preke om vir ons die regte perspektief te gee op wat dit is om ’n Christen te wees. Dit is nie om soos ’n koning bedien te word nie, maar om die Koning soos ’n bediende te dien.

Jesus het reguit vir sy dissipels gesê: “Julle weet dat dit by die nasies so is dat die regeerders oor hulle baasspeel, en dat die groot manne die mag oor hulle misbruik. 26 Maar by julle moet dit nie so wees nie. Elkeen wat in julle kring groot wil word, moet julle dienaar wees; 27 en elkeen wat onder julle die eerste wil wees, moet julle slaaf wees. 28 So is dit ook met die Seun van die mens: Hy het nie gekom om gedien te word nie maar om te dien en sy lewe te gee as losprys vir baie mense.”

Ek moet dus besef: God het ’n duidelik omskrewe doel vir my lewe, en daardie doel is om my tot ’n dienskneg te omvorm, om my in ’n bediende te verander.

God se plan is om jou karakter te hervorm sodat dit die karakter van sy Seun volmaak weerspieël. God werk elke dag in ons. Deur elke gebeurtenis en omstandigheid is sy Gees besig om Christus se karakter in jou te verfyn, te suiwer en te ontwikkel.

Hy doen dit omdat Hy ’n groter doelwit in die oog het – sy doel is om ons van heerssugtige en magsbehepte mense te verander na mense wat vir alle mense tot seën sal wees, om diensknegte te wees wat sy koninkryk hier op aarde bevorder. Hoe gaan Hy te werk om hierdie doelwit te bereik? Hy begin met mense soos ons – gebroke, swak, sondig, selfgerig, behoeftig en onvolmaak.

Hy trek jou nader aan Hom, neem jou sondes weg, plaas sy Heilige Gees in jou en begin met ’n proses van totale hervorming – ’n proses om Christus se eie karakter in jou te vorm.

Maar dit is net die begin. Soos wat jou lewe verander word, kring hierdie verandering wat Hy in jou bewerk uit na jou familie, vriende, kollegas, kinders en kleinkinders. Deur hierdie goddelike proses word die hele wêreld beïnvloed. Jy begin om lief te hê soos Christus liefhet. Die mense wat jou lewenspad kruis begin om iets van God se goddelike liefde by jou te ervaar, en dit lei hulle na die Bron daarvan – na Christus self. Die doel van jou lewe is opgeneem in God se onwankelbare ywer om al die nasies te seën. Jy is geseën om ’n seën te wees. God verander jou om jou te gebruik om die wêreld te verander.

Die sleutel tot hierdie hele proses is immers om soos Christus te word, en om soos Christus te word, beteken heel eerste om ’n dienskneg te word. ’n Dienskneg is iemand wat heeltyd op die uitkyk is vir die nood van ander – spesifiek van die mense wat swak is en uitgeskuif en verwaardloos word – en dan prakties iets te doen om daardie nood te verlig. Om ’n dienskneg te wees

beteken om vir die welstand van ander mense te werk – mense van wie jy nie noodwendig hou nie en mense wat nie noodwendig van jou hou nie.

2. Ons Here Jesus Christus is die volmaakte weerspieëling van God se karakter in ’n menslike liggaam, en God se karakter word gedefinieer deur die woord *barmhartigheid*. As God Homself aan Moses bekendstel, dan is barmhartig die eerste woord waarmee God Homself beskryf:

“Terwyl Hy by Moses verbygaan, roep die Here: “Ek, die Here, is die barmhartige en genadige God, lankmoedig, vol liefde en trou. Ek betoon my liefde aan geslagte en geslagte. Ek vergewe ongeregtigheid, oortreding en sonde, maar Ek spreek niemand sonder meer vry nie” (Eksodus 34:6-7) “Ek, die Here, is die barmhartige ...”

Baie verstaan *barmhartigheid* as ’n sinoniem is vir *jammerte* of *simpatie*. Dit word algemeen geassosieer met ’n gevoel of ’n emosie. Sommige van die hedendaagse woordeboeke definieer dit so. Maar wat beteken dit werklik?

Dit beteken om saam met iemand anders swaar te kry en te ly omdat jy vir hulle omgee. Ware barmhartigheid beteken aksie – nie emosie nie.

Dit kom daarop neer om langs iemand wat in nood is te kom staan met die bedoeling om hulle las te deel. In kort beteken dit om jou oor ander te ontferm en hulle daarom te dien.

Omdat God barmhartig is en Hom oor mense ontferm, het Hy sy Seun gestuur om te ly saam met ons – gevalle, swak en verlore mense. Dit was Hy wat “aan mense gelyk geword het. En toe Hy as mens verskyn het, het Hy Homself verder verneder. Hy was gehoorsaam tot in die dood, ja, die dood aan die kruis.” (Filip. 2:7-8)

God se plan vir elke Christen is om binne-in jou hierdie selfde barmhartigheid te vorm – hierdie selfde gewilligheid om ander te dien, selfs tot by die punt van lyding. Omdat hierdie soort optrede so onnatuurlik, so onverwags is in ’n wêreld wat selfgesentreerd is en in homself opgaan, is die uitwerking daarvan ongelooflik kragtig.

Dit staan uit en veroorsaak dat mense oplet. Dit skyn soos ’n helder lig op die donkerste van die nag. So ’n barmhartigheid het nie ’n aardse verduideliking nie. Dit is letterlik ’n wonderwerk.

Sulke barmhartigheid kom nie natuurlik nie. Dit moet aangeleer word. Om meer spesifiek te wees, die Heilige Gees werk in ons om aan ons die begeerte en die krag te gee om te dien, om saam met ander te ly. Die vraag is dus: Hoe kan ons saam met God se Gees werk om sy doel in ons te bereik? Dit is die doel van hierdie hele reeks preke: Dat jy begin meewerk aan God se plan om jou sy bediende in die wêreld te maak, om jou soos Jesus Christus te maak.

Wanneer ons Christus aanskou, aanskou ons die Een wat "nie gekom het om gedien te word nie, maar om te dien en sy lewe te gee as losprys vir baie mense" (Mat. 20:28; Mark. 10:45).

Hierdie reeks preke het juis dit as doelwit: om jou te help om juis soos Jesus te dien. Ons gaan God se barmhartigheid en Christus se opofferende diens bestudeer, aanskou en oordink sodat jy meer en meer God se dienskneg in die wêreld kan wees.

As jy biddend hierdie pad saam met my gaan stap deur God se Woord, sal dit jou lewe verander. Jy sal die barmhartige God beter leer ken en jy sal dien soos wat sy Seun, Jesus Christus gedien het. So sal God jou gebruik om die wêreld te verander.

3. Deel van God se plan om dit te laat gebeur is om my anders as die wêreld te laat dink.

Ongelukkig word die Kerk in die Westerse samelewing soms meer deur die samelewing se denke beïnvloed as deur die Woord van God.

Ons is op soek na selfverwesenliking, terwyl ons nie die krag van Christus se woorde besef dat ons moet sterf om te lewe en dat ware lewe in diens opgaan nie. In plaas van dienskneg wees, is gemaklik lewe ons doelwit. Ons aap die wêreld na in plaas daarvan om die wêreld te bevraagteken en te verander.

Omdat die soeke na gemak en rykdom en sukses gewoonlik uitloop op 'n lewe wat op die langduur nie bevredigend is nie, jaag ons voort in die hoop dat, as ons vinniger beweeg, geluk tog sal kom. Ons kontrakteer ons dienswerk uit, sodat ons net op ons eie belange kan fokus.

In teenstelling met ons natuurlike geneigdheid tot selfdiens, het God ons geroep tot diens aan ander. Ons diens in die wêreld is 'n dinamiese getuienis dat ons glo dat die Bybelse boodskap waar is.

Met ander woorde, die vervulling waarna ons verlang, sal nooit in die wêreld se agenda gevind word nie maar slegs in Christus se planne. Hy wil hê dat ons na al die nasies sal gaan en dissipels sal maak. Om dit regtig te kan doen, beteken ons moet sy diensknegte in die wêreld wees.

Om reg te dink oor hierdie dinge is daar vyf grondwaarhede wat ons moet onthou en glo:

1. Ons lewe in 'n gevalle wêreld. Sonde het ons almal se lewens en alle verhoudings verongeluk. God haat die sonde en Hy treur oor die gebrokenheid in die wêreld.

2. Christus het gekom om ons met sy lyding en dood te dien, wat tot ons verlossing gelei het. Met sy lewe het Christus vir ons gewys hoe om te dien en hoe om die proses te begin om van 'n gevalle wêreld 'n beter plek te maak en hoop aan gebroke lewens te bring.

3. Christus sal terugkom om sy koninkryk permanent te vestig terwyl Hy alles wat stukkend is, sal heelmaak.

4. Hy het sy Kerk gevestig om die magte van die duisternis te bestry en om die moeilike plekke vir Hom te beset.

5. Ons individuele optrede as Christene en ons gemeenskaplike optrede as gemeente is die sleutel om te kan meewerk aan God se plan in die wêreld. Hy wil hê ons moet ander met sy liefde bedien.

Ek moet dus reg dink oor myself, oor God se plan met my in die wêreld, sodat ek effektief kan meewerk aan God se plan.

Gelowiges word met verskillende woorde in die Bybel beskryf: Kinders van God, kinders van die lig, Christene, verlostes, nuwe skepsels, konings, profete, priesters en nog baie ander. Hierdie name gee aan ons identiteit en maak ons bly. Dit is almal titels wat sê hoe God ons sien.

Daar is natuurlik ook baie ander titels wat ons nie so bly maak nie. Aangesien hierdie titels 'n negatiewe konnotasie het, is ons geneig om hulle eerder te vermy. Ons is gevangenes (Efes. 4:1), diensknegte (Filp. 1:1), werkers (2 Tim. 2:15) en dienaars (1 Tim. 4:6). Om 'n gevangene van Jesus Christus te wees, is beter as om 'n vryman van die wêreld te wees. Om 'n slaaf van Jesus Christus te wees, is eintlik 'n groter voorreg as om 'n baas oor miljoene ander te wees.

Ons vra graag: Wat moet ek met my lewe doen – wat is my roeping? God antwoord: Fokus op jou Christelike roeping: wees ’n dienskneg. Wat moet ek doen? - Ek moet dien!

Maar is dit ons natuurlike ambisie? Nee, ons wil heers, ons wil bedien word, ons wil in die middelpunt staan.

Daarom moet ons elkeen in die week wat voorlê die woorde van ons teks mooi gaan oordink: Christus het nie gekom om bedien te word nie, maar om te dien. Daar moet ek nie ’n koning wil wees nie, maar ’n bediende.

Die Woord van God gaan dikwels teen ons grein in. Dit wat ons wil en dit wat God wil, is dikwels ligjare van mekaar verwyder. Dit is te verstane, want ons is sondaars en die wil van God maak net nie vir ons sin nie, behalwe as die Heilige Gees ons daarvan oortuig dat ons sondaars is en dat die Woord van God die enigste weg aandui.

Ons wil so graag belangrik wees. Ons wil so graag raakgesien word. Ons wil so graag geag word. Ons wil so graag ’n ereposisie beklee. Ons raak sou gou jaloers op ’n ander. Net die Heilige Gees kan ons verander om liewer bediendes te wil wees. Jesus sê: In die kerk werk dit anders: As jy groot wil wees in God se Koninkryk moet jy besef: Kerkwees gaan oor God en nie oor my nie. Kerkwees gaan oor gehoorsaam vra: Here, wat wil U hê moet ons doen en hoe wil U hê moet dit gedoen word.

As jy ’n Christen, moet jy bereid wees om te dien: “Elkeen wat in julle kring groot wil word, moet julle dienaar wees; en elkeen onder julle wat die eerste wil wees, moet julle almal se dienaar wees. Die Seun van die mens het ook nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien en sy lewe te gee as losprys vir baie mense.”

Volg my voorbeeld van dienskneg wees, sê Jesus. Ek was bereid om vuilwerk te doen. Ek was bereid om ’n voorskoot om te bind en my dissipels se vuil voete te was. Ek was bereid om te sterf vir ander se sonde. Christen-wees is dus nie net om op ’n Sondag mooi aan te trek en kerk toe te kom nie. Nee, Christenwees, kerkwees is veral ook om in die week my moue op te rol en ’n dienskneg te wees in die kerk en in die wêreld.

Deur die gawes wat die Here aan ons gegee het, gee Hy vir ons ’n aanduiding waar Hy ons wil gebruik.

Elkeen van ons het gawes gekry. Gebruik dan jou gawes! Daar kan nie iets wees soos ’n werklose Christen nie. Daar is nie iets soos ere-Christenskap nie. As jy ’n boer wil wees, moet jy bereid wees om vroeg op te staan en te ploeg en te plant en te oes. As jy ’n soldaat wil wees, moet jy bereid wees om opleiding te ondergaan en om oorlog te maak en om in enige omstandighede te veg en te oorleef. As jy ’n atleet wil wees moet jy bereid wees om vreeslik hard te oefen en om aan wedlope deel te neem.

As jy ’n Christen wil wees, moet jy bereid wees om soos ’n bediende te werk. As jy ’n Christen wil wees, moet jy bereid wees om die Here te dien, om in die kerk en in die wêreld soos ’n bediende te werk.

Siekes besoek, treurendes vertroos, katkisasie gee, die kerk se tuin in stand hou, die kerkgebou in stand hou, tafels en stoele aanry en aandra vir ’n funksie, evangelisasie doen, afgedwaaldes nader trek, loues vermaan, tee skink, huisbesoek doen, ’n wyksbyeenkoms reël, behoeftiges help, leiding neem, verantwoordelikheid dra, op die kerkraad dien, ’n Bybelstudiegroep begin of lei, ongehoorsames aanspreek, voorbidding doen vir die gemeente, barmhartigheidswerk doen, ’n jeugbyeenkoms reël – dit is dienswerk.

Ware gelowiges is bereid om op te offer vir hulle Here, om tyd en energie en selfs harde werk in te sit uit dankbaarheid. Hulle is bereid om soos bediendes te werk. Soos Jesus wil hulle eerder dien as bedien word.

Dit is wat Jesus kom doen het en ons moet sy voorbeeld volg. Hy is besig om in ons elkeen te werk en Hy wil ons in ’n leermag van bediendes verander. Die kerk is God se span dienaars in ’n wêreld vol swaarkry en pyn en leed en nood. As jy lid is van die kerk, is jy lid van ’n taakspan, ’n werksgroep, ’n diensspan. As jy nie dienswerk wil doen nie, dan moet jy nie lidmaat van ’n kerk wees nie.

Watse dienswerk gaan u nog hierdie jaar doen?

Amen.

2. HANDELINGE 9:36

“In Joppe was daar ’n gelowige vrou met die naam Tabita, in Grieks Dorkas. Sy was altyd besig om goed te doen en die armes te help.”

Tema: Hierdie is tannie Bokkie. Tannie Bokkie het altyd goed gedoen en armes gehelp. Wees soos tannie Bokkie!

1. **Wie was tannie Bokkie?**
2. **Wees barmhartig soos God en dien soos Jesus Christus**

1. Ons dink gewoonlik ons ken die belangrikste Bybelfigure. Abraham, Dawid, Paulus, Petrus, Johannes – noem maar op. Een van die minder bekende Bybelfigure is tannie Bokkie van Joppe! Ja, sy is ook in die Bybel! Haar Aramese naam is Tabita, en haar Griekse naam is Dorkas, en al twee hierdie name beteken Bokkie!

Verlede Sondag het ons gehoor: Die Bybel maak dit baie duidelik dat ’n Christen ’n slaaf is, ’n dienskneg, ’n bediende, ’n kelner. Al is ons konings en profete en priesters, moet ons soos slawe en diensknegte en bediendes en kelners optree in die wêreld.

Ons moet dus soos Jesus wees. Al is Hy self God, het Hy ’n mens geword wat kom dien het soos ’n slaaf. Jou dienswerk as Christen kan nie uitgekontrakteer word nie.

Jesus sê vir sy dissipels in Matteus 20:18-19: “Kyk, ons gaan nou Jerusalem toe. Daar sal die Seun van die mens aan die priesterhoofde en skrifgeleerdes oorgelewer word, en hulle sal Hom tot die dood veroordeel. 19 Hulle sal Hom uitlewer aan die heidene, wat Hom sal bespot en gesel en kruisig. En op die derde dag sal Hy uit die dood opgewek word.”

Dit is hoe Hy gedien het. Maar net nadat Hy dit gesê het, kom Jakobus en Johannes se ma na Hom toe en vra of haar twee seuns eendag saam met Hom op sy troon mag sit. So is dit vandag nog. Ons wil eerder op ’n troon saam met die Here sit as wat ons sy bediendes in die wêreld wil gaan wees.

Daarom het ons verlede Sondag begin met ’n reeks preke om vir ons die regte perspektief te gee op wat dit is om ’n Christen te wees. Dit is nie om soos ’n koning bedien te word nie, maar om die Koning soos ’n bediende te dien.

Jesus het reguit vir sy dissipels in Matteus 20 gesê: “Julle weet dat dit by die nasies so is dat die regeerders oor hulle baasspeel, en dat die groot manne die mag oor hulle misbruik. 26 Maar by julle moet dit nie so wees nie. Elkeen wat in julle kring groot wil word, moet julle dienaar wees; 27 en elkeen wat onder julle die eerste wil wees, moet julle slaaf wees. 28 So is dit ook met die Seun

van die mens: Hy het nie gekom om gedien te word nie maar om te dien en sy lewe te gee as losprys vir baie mense."

Ek moet dus besef: God het 'n duidelik omskrewe doel vir my lewe, en daardie doel is om my tot 'n dienskneg te omvorm, om my in 'n bediende te verander.

God se plan is om jou karakter te hervorm sodat dit die karakter van sy Seun volmaak weerspieël. God werk elke dag in ons. Deur elke gebeurtenis en omstandigheid is sy Gees besig om Christus se karakter in jou te verfyn, te suiwer en te ontwikkel.

Vanoggend kyk ons na 'n voorbeeld van iemand in wie God so gewerk het: Tannie Bokkie van Joppe.

Die Woord van God gee vir haar 'n pragtige getuigskrif. Haar hele lewe word in een sin saamgevat in Handelinge 9:36: "In Joppe was daar 'n gelowige vrou met die naam Tabita, in Grieks Dorkas. SY WAS ALTYD BESIG OM GOED TE DOEN EN DIE ARMES TE HELP."

In Joppe was daar 'n gelowige vrou. Dit was haar eerste uitstaande kenmerk: sy was 'n gelowige vrou. Letterlik staan daar sy was 'n vroulike dissipel. Sy het in Jesus Christus as haar verlosser geglo. Sy het God geken as die barmhartige God en sy het in Jesus geglo wat gekom het, nie om gedien te word nie, maar om te dien. En dit het haar lewe verander! Sy was altyd besig om goed te doen en die armes te help. Haar naam was tannie Bokkie.

Tannie Bokkie het onder andere klere gemaak en aan armes uitgedeel! Ons lees dat die weduwees van Joppe vir Petrus van die klere gewys het wat sy gemaak het. Die klere wat hulle vir Petrus gewys het, was sekerlik nie klere wat in 'n stoor gelê het nie. Nee, dit is waarskynlik klere wat hulle aangehad het! Kyk Petrus, ons is arm weduwees en amper elkeen van ons het 'n rok aan wat Bokkie gemaak en vir ons gegee het! Stil stil het tannie Tabita klere gemaak en aan armes uitgedeel. "Sy was altyd besig om goed te doen en die armes te help", sê die Woord.

Tabita was een van baie sulke vroue in die vroeë kerk: Ons lees byvoorbeeld in 1 Timoteus 5: "9 'n Weduwee kan op die lys van dienende weduwees kom as sy minstens sestig jaar oud is en aan haar man getrou was. 10 Sy moet bekend wees om haar goeie dade, naamlik dat sy haar kinders goed opgevoed het, vreemdelinge gehuisves het, die voete van die gelowiges gewas het, die verdruktes gehelp het en goed gedoen het waar sy kon... 16 As 'n gelowige vrou weduwees in haar familie het, moet sy vir hulle sorg. Sy moet nie die las op die gemeente lê nie, sodat die gemeente die weduwees kan help wat alleen

agtergelaat is." Gelowige hardwerkende vroue wat ook altyd besig was om goed te doen en armes te help! Hoeveel sulke manne en vroue is daar vandag in ons gemeente?

Hoeveel van ons is bereid om so te dien?

Die punt is: Hoe gaan God eendag oor jou lewe oordeel? Sal daar ook van jou gesê kan word: Hy / sy was 'n gelowige, 'n volgeling van Jesus Christus. Hy / Sy was altyd besig om goed te doen en die armes te help!

Goed doen. Tabita het altyd goed gedoen, omdat sy 'n volgeling van Jesus was. Wat beteken goed doen? Dit beteken sy het goeie dinge gedoen in God se oë. Sy het God bo alles liefgehad en haar naaste soos haarself, daarom het sy dinge gedoen wat God verheerlik en haar naaste bevoordeel. Sy het nuttige dinge vir ander mense gedoen. Sy was barmhartig soos wat God barmhartig was en het gedien soos Jesus gedien het. Haar goed doen het veral na vore gekom daarin dat sy armes gehelp het.

God wil ons elkeen so verander dat daar ook van ons gesê kan word: Hy / Sy was altyd besig om goed te doen en die armes te help! Hy / Sy het barmhartigheid bewys!

2. God beskryf Homself as barmhartig: "Ek, die Here, is die barmhartige en genadige God, lankmoedig, vol liefde en trou. Ek betoon my liefde aan geslagte en geslagte. Ek vergewe ongeregtigheid, oortreding en sonde, maar Ek spreek niemand sonder meer vry nie" (Eksodus 34:6-7) "Ek, die Here, is die barmhartige ..."

Barmhartigheid bewys beteken om daadwerklik iets te doen vir iemand wat in die nood is, omdat jy omgee. Barmhartig wees en genadig wees en liefde betoon, lê dus baie naby aan mekaar en sluit dikwels ook vergewing in.

Die teenoorgestelde van barmhartig is ongenadig, hardvogtig, haatdraend, onvergewensgesind, koud, onsimpatiek, onaangeraak deur ander se nood, selfgerig, suinig.

Jesus sê in Matteus 5:7: "Salig is die barmhartiges, want aan hulle sal barmhartigheid bewys word." Daarmee bedoel Hy: As jy barmhartigheid aan ander bewys, soos Tabita, sal God in hierdie lewe, maar veral ook by die eindoordeel en in die lewe hierna aan jou barmhartigheid bewys.

Die belofte aan die barmhartiges is dat hulle salig, geseënd, gelukkig is, omdat daar aan hulle barmhartigheid bewys sal word. As jy gaan omgee vir ander wat swaarkry, sal God vir jou omgee en sorg en jou vryspreek op die oordeelsdag. Jakobus 2:13 draai die belofte om: "Die oordeel sal onbarmhartig wees oor dié wat nie barmhartigheid betoon nie. Maar barmhartigheid triomfeer oor die oordeel."

Om barmhartigheid te betoon, gaan natuurlik teen die natuurlike mens se grein in. Dit is nie iets wat ons vanself sal wil doen nie. Ons sal net barmhartigheid betoon as die Heilige Gees in ons werk om dit te doen.

Dit sien ons duidelik in die wetgeleerde se vraag aan Jesus in Lukas 10:29: "Wie is my naaste?" Die wetgeleerde self sopas self gesê: Jy moet God bo alles liefhê en jou naaste soos jouself, maar dan wil hy homself regverdig en hy vra vir Jesus: Wie is my naaste? Hy sou graag wou hê dat Jesus sou sê: Jou naaste is die mense naaste aan jou. Jou gesinslede, jou familie, jou volksgenote. Maar Jesus doen dit nie.

Nee, Hy antwoord die vraag: Wie is my naaste?, met die gelykenis oor die barmhartige Samaritaan: 'n Sekere man het afgegaan van Jerusalem na Jerigo en onder rowers verval, en nadat hulle hom uitgetrek en geslaan het, gaan hulle weg en laat hom half dood lê.

Tweeduisend jaar later kan dit nog steeds met enige een van ons gebeur. Jesus, glo ek, noem geen name nie, sodat sy hoorders van destyds en van vandag hulleself in hierdie arme man se situasie kon indink. Hy praat net van 'n sekere man.

Dan verstel Jesus van 'n priester wat met daardie pad afgekom het, en toe hy die man sien, gaan hy anderkant verby. En net so het ook 'n Leviet by dié plek gekom en hom gesien en anderkant verbygegaan. Die priester en die Leviet moes Jode gewees het. Hulle was die amptelike kerkmense van toe. Ons kan net sowel vandag sê: 'n dominee of 'n ouderling of 'n diaken het by hierdie arme man verbygestap en geen barmhartigheid aan hom betoon nie.

Jesus gaan verder: Maar 'n sekere Samaritaan wat op reis was, het op hom afgekom; en toe hy hom sien, het hy innig jammer gevoel, en na hom gegaan, sy wonde verbind en olie en wyn daarop gegooi. Hy het hom toe op sy eie pakdier gehelp en hom na 'n herberg geneem en vir hom gesorg.

En toe hy die volgende môre weggaan, haal hy geld uit en gee dit aan die eienaar van die herberg en sê vir hom: Sorg vir hom, en enige onkoste wat jy nog meer mag hê, sal ek jou betaal as ek terugkom.

Dit is barmhartigheid in aksie! Tabita en die Samaritaan het barmhartigheid vir ons gedemonstreer!

Die Jode en die Samaritane het destyds glad nie langs dieselfde vuur gesit nie. Die Samaritane was ’n gemengde volk wat onstaan het toe die vooraanstaande burgers van Israel in ballingskap weggevoer is. Ander volke is weer in hulle plek ingevoer en hulle het ondertrou met die Israeliete wat agtergebly het. Hulle het in die gebied Samaria gewoon en die Jode het die naam Samaritaan as ’n skeldwoord gebruik en op hulle neergesien.

Dit is dan juis ’n Samaritaan wat aan hierdie man barmhartigheid betoon en hom oor hom ontferm en hom versorg. Nie die priester of die Leviet nie, maar die Samaritaan.

Nadat Jesus hierdie gelykenis vertel het, vra Jesus vir die man wat aan Hom gevra het: Wie is my naaste?, ’n teenvraag: “Wie dan van hierdie drie, dink jy, was die naaste van hom wat onder die rowers verval het?” En die wetgeleerde het geantwoord: “Hy wat barmhartigheid aan hom bewys het.” Toe sê Jesus vir hom: “Gaan en doen jy net so.”

Met hierdie gelykenis leer Jesus ons om nie te vra wie is my naaste nie, maar om eerder te vra: Vir wie kan ek ’n naaste wees? Aan wie kan ek barmhartigheid betoon?, want enige een wat my barmhartigheid nodig het, is my naaste!

As iemand hulp nodig het, moet ek vir hom ’n naaste wees, moet ek barmhartigheid aan hom of haar betoon. Soos Tabita. Soos die Samaritaan. Die regte vraag is dus nie: Wie is my naaste nie, maar: Vir wie kan ek ’n naaste wees!?

Klink dit te erg vir u? Klink dit na moeite? Klink dit na opofferings? Klink dit of dit gaan geld kos? Onthou dan Jesus se belofte: “Salig is die barmhartiges, want aan hulle sal barmhartigheid bewys word.”

In Matteus 9:13 sê Jesus: “Gaan leer wat dit beteken: ‘Ek verwag barmhartigheid en nie offers nie.’” Dit is ’n verwysing na Hosea 6:6, waar staan: “Want Ek het ’n behae in liefde en nie in offerande nie, en in kennis van God meer as in brandoffers.”

Hoor die Woord van die Here: Hy sê: “Gaan leer wat dit beteken: ‘Ek verwag barmhartigheid en nie offers nie.’” Dit is wat ons besig is om te doen met hierdie reeks preke.

’n Gemeente waar barmhartigheid skaars is, verstaan niks van die Evangelie nie. In ’n land waar daar geen barmhartigheid bewys word nie, word daar later ’n klimaat geskep waar misdaad floreer. In so ’n gemeente en in so ’n samelewing is dit elkeen vir homself. Daar is geen liefde, geen medemenslikheid nie. Die armes en die mense in nood is aan hulleself oorgelaat en niemand gee vir niemand om nie.

Besef u: As ons as Christene nie barmhartigheid gaan bewys aan ander nie, sal niemand dit doen nie. Natuurlik sal dit vir jou voel of jy geld in ’n bodemlose put gooi, asof jou beskeie bydrae nie ’n verskil gaan maak nie. Dit is tog net nie logies om liefde, om barmhartigheid, te bewys nie. Op die oog af is daar geen voordeel in nie. Hoe maak mens in elk geval ’n verskil aan duisende wat in nood verkeer, want jou middele is ook maar beperk? Dink dan aan tannie Bokkie van Joppe. Dink aan jou Vader in die hemel wat barmhartig is. Dink aan Jesus wat gekom het om te dien en nie om gedien te word nie. Dink aan die Heilige Gees wat ’n proses in jou begin het en wat besig is om met jou te werk!

Daardie bedrag per maand wat ek aan die diakonie gee, daardie arm kind wie se skoolgeld ek betaal, daardie werklose vir wie ek ’n werk kry, daardie bedelaar vir wie ek kos gee, daardie paar uur per week wat ek liefdesdiens doen, daardie arm student wat ek help om ’n studielening te kry, daardie arm weduwee vir wie ek klere maak, MAAK ‘N VERSKIL! Miskien nie aan duisende nie, maar beslis aan iemand.

En weet u, ons hoef nie mense te gaan soek vir wie ons ’n naaste kan wees nie, ons hoef nie mense te gaan soek aan wie ons barmhartigheid kan betoon nie. Hulle sal vanself op ons pad kom. Dalk vandag al as u hier uitstap en huis toe ry, of môre op pad werk toe, of by die werk of by die skool. Vroeër of later sal dit gebeur. Dalk gouer as wat ons dink.

Die groot vraag is net: Wat gaan u doen daaraan? Gaan ons maak of ons niks sien nie, asof ons niks agtergekom het nie en aan die anderkant verbygaan soos die priester en die Leviet? Of gaan Jesus se woorde by my opkom: “Salig is die barmhartiges, want aan hulle sal barmhartigheid bewys word.” “Gaan leer wat dit beteken: ‘Ek verwag barmhartigheid en nie offers nie.’”

Daarom moet ek myself afvra: Betoon ek barmhartigheid omdat God se barmhartigheid aan my my lewe verander het soos wat dit Tabita se lewe verander het?

In ons gemeente is daar deur God se groot genade baie wat hierdie opdrag uitvoer, en daarvoor is ons die Here baie dankbaar. Maar ongelukkig is daar ook die wat nog net aan hulle eie behoeftes dink en vir hulleself lewe. God se Woord is egter duidelik: Ek moet barmhartigheid aan mense binne en buite die gemeente bewys omdat ek barmhartigheid van God ontvang.

Alle Christene moet barmhartig wees. As ek 'n Christen is, moet ek barmhartig wees. Dit is nie iets wat vanself sal kom nie. Ek moet bid dat God deur sy Gees in my sal werk, sodat ek barmhartig sal wees. Deur barmhartigheid te betoon, deur anders as die selfsugtige wêreld te wees, bewys ek dat ek 'n kind van die Here is.

Barmhartige mense is Jesus se hande en voete in hierdie lewe en hulle soek mense vir wie hulle 'n naaste kan wees. Hulle is salig, gelukkig, geseënd, want aan hulle sal barmhartigheid bewys word.

Is u al een van hulle?

Amen.

3. MARKUS 8:30-34

***"30** Toe belet Hy hulle om dit vir iemand anders te vertel.**31** Jesus het hulle toe begin leer dat die Seun van die mens baie moet ly, dat Hy deur die familiehoofde en die priesterhoofde en die skrifgeleerdes verwerp moet word en doodgemaak moet word, en drie dae later moet opstaan. **32** Hy het met hulle hieroor reguit gepraat. Toe het Petrus Hom opsy geneem en Hom begin berispe. **33** Hy het egter omgedraai, na sy dissipels gekyk en vir Petrus berispe. 'Moenie in my pad staan nie, Satan,' het Hy gesê, 'want jy dink nie aan wat God wil hê nie maar aan wat die mense wil hê.' **34** Jesus het toe die menigte mense saam met sy dissipels nader geroep en vir hulle gesê: 'As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën, sy kruis opneem en My volg.'"*

TEMA: DIE REGTE SOORT DIENAAR VIR DIE REGTE SOORT KONING!

1. **Jesus, die regte soort Koning: die lydende Dienskneg-Koning.**
2. **Ons, die regte soort dienaars wat wil dien en nie bedien wil word nie.**
3. **Ons, die regte soort dienaars wat elke dag ons kruis opneem.**

As ’n mens vir enige gelowige kind vra wat is die belangrikste taak van ’n Christen, dan sal jy waarskynlik die antwoord kry dat ons belangrikste taak is om die Woord uit te dra, om Jesus Christus as Verlosser te verkondig. Ja ons ken almal die groot opdrag in Matteus 28 dat ons na al die nasies te moet gaan en dissipels vir Jesus Christus moet maak, dat ons hulle moet doop en hulle moet leer.

Dit maak Jesus se opdrag in Markus 8:30 so verstommend: “Toe belet Hy hulle om dit vir iemand anders te vertel.” Petrus het sopas die belydenis uitgespreek: U is die Christus! Pragtig! Maar dan kom die opdrag van Jesus: Julle mag vir niemand anders vertel dat Ek die Christus is nie!

Hoe moet ons dit verstaan? Die Evangelie volgens Markus kan in twee dele verdeel word: Die deel voor ons teksverse en die deel na ons teksverse. In die eerste helfte van hierdie Evangelie word Jesus beskryf as die almagtige Wonderwerker wat siekes genees en duiwels uitdryf en storms kan laat bedaar en wat brood en vis kan meer maak, sodat daar genoeg is om ’n hele skare te kan kosgee, en wat op water kan loop!

As Hy na al hierdie dinge vir sy dissipels vra wie is Ek?, dan antwoord Petrus: U is die Christus. En toe belet Hy hulle om dit vir iemand anders te vertel.

Hoekom? Wel Hy wil hê sy dissipels moet eers verstaan watter soort Christus Hy is. As hulle Hom net gaan verkondig as ’n Wonderwerker sal hulle ’n halwe boodskap verkondig. Hy is nie net ’n Wonderwerker nie, maar ook ’n lydende en dienende Kneg. Daar lees ons in ons teks: “30 Toe belet Hy hulle om dit vir iemand anders te vertel.31 Jesus het hulle toe begin leer dat die Seun van die mens baie moet ly, dat Hy deur die familiehoofde en die priesterhoofde en die skrifgeleerdes verwerp moet word en doodgemaak moet word, en drie dae later moet opstaan. 32 Hy het met hulle hieroor reguit gepraat.”

Dit is die volle Boodskap: Sy hoofdoel is nie om wonders te kom doen nie, maar om te ly en te sterf vir ons sondes en op te staan uit die dood en ons te verlos. Hy het immers nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien!

Hieroor het Jesus reguit met sy dissipels gepraat, sodat daar geen misverstand sal wees oor watter soort Christus Hy is nie. Daarom herhaal Jesus ook sy

verstommende opdrag in 9:9: “Terwyl hulle van die berg afkom (waar hulle sopas gesien het hoe Jesus deur sy Vader verheerlik word), het Jesus hulle opdrag gegee om wat hulle gesien het, vir niemand te vertel voordat die Seun van die mens uit die dood opgestaan het nie.”

Jesus wou eers met sy sterwe en opstanding toon watter soort Christus Hy is voordat Hy as Christus verkondig sal word.

Die tweede helfte van Markus se Evangelie handel dan oor Jesus die lydende en dienende Kneg wat vir ons sondes aan die kruis versoening kom doen het.

Die regte soort Koning moet verkondig word. Hy is nie ’n Koning wat wonders doen sodat groot skares Hom sal vereer nie. Nee, Hy is die Dienskneg-Koning wat kom ly het om ons te verlos.

2. Maar Petrus, wat so pas tot die belydenis gekom het dat Jesus die Christus is en sopas gehoor het dat Jesus gekom het om te ly en te sterf vir ons sondes, kon dit nog nie aanvaar nie.

Soos die meeste Jode wil hy ’n Wonderwerker-Koning hê wat groot skares lok en wat hulle van die Romeine sal bevry. ’n Koning wat met sy wonderwerke sal sorg dat hulle ryk en gesond en voorspoedig sal wees. Daarom sê ons teks: “Toe het Petrus Hom opsy geneem en Hom begin berispe. 33 Hy het egter omgedraai, na sy dissipels gekyk en vir Petrus berispe. ‘Moenie in my pad staan nie, Satan,’ het Hy gesê, ‘want jy dink nie aan wat God wil hê nie maar aan wat die mense wil hê.’”

Jesus berispe vir Petrus, want Petrus sien nog vir Jesus as die verkeerde soort Koning en Petrus sien homself nog as die verkeerde soort dienskneg. Petrus wil nie hê wat God wil hê nie, hy wil nog hê wat die mense wil hê. Hy wil ’n Koning hê wat alles vir ons lekker kom maak op aarde en hy wil gedien en geëer word as ’n volgeling van die Koning. Ja, dit is menslik om nie te wil dien nie en om eerder bedien te wil word.

Jesus berispe vir Petrus, want Jesus is die DIE REGTE SOORT KONING EN HY WIL DIE REGTE SOORT DIENAARS HÊ. Hy het nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien. Hy wil dienaars hê wat sal dien en wat nie sit en wag om bedien te word nie.

In die eerste preek in hierdie reeks het ons gehoor dat die mens van nature hoë waarde daaraan heg om mag te hê – om in beheer te wees. Ons samelewing

definieer grootheid in terme van outoriteit, mag en oorwinning. Verder beskou ons samelewing die posisie van ’n dienskneg as minderwaardig. En tog is dit elke Christen se roeping om ’n dienskneg te wees.

In die tweede preek het ons gekyk na voorbeelde van ware Christelike dienaars. Mense soos Tabita in Handelinge 9 wat geglo het: Toe die Seun van God ’n mens geword het, het Hy die gestalte van ’n slaaf aangeneem (Filp. 2:7). Hy is die Dienskneg-Koning. Daarom was hulle bereid om te dien soos hulle Dienskneg-Koning.

Vir gewone mens klink so iets na ’n teenstrydigheid. Jy is of die koning of die dienskneg. Jy kan nie al twee wees nie. Maar ons teks leer ons dat Dienskneg-Koning nie teenstellende begrippe is nie. Jesus Christus beliggaam alles wat koninklik is en alles wat dienend is. Leierskap en diens is nie teenstrydig nie. Eintlik beteken dit dat iemand wat ’n goeie leier wil wees, ook ’n goeie dienskneg moet wees.

Om dit anders te stel, Christus het ’n nuwe orde van dienskneg-konings daargestel, ’n orde waarin konings dien en diensknegte prysenswaardig is. Aangesien ons geroep word om op die plek te gaan staan waar Christus gestaan het, is ons geroep om dienskneg-leiers te wees. Dit is nie ’n plek waar mag uitgeoefen word nie, maar ’n plek van groot verantwoordelikheid waar gedien word.

Terwyl dit voor die hand liggend is dat die dienskneg ’n dienskneg moet wees, dink ons nie altyd daaraan dat die koning ook ’n dienskneg moet wees nie. Die een wat onder gesag staan, moet dien, maar wat van die persoon met die gesag? Beteken dit dat die persoon in ’n gesagsposisie en ’n leiersposisie daarvan verskoon word om te dien? Nee, in die kerk gaan dit nie oor die status of die rang nie maar oor toewyding. Is die dienskneg toegewyd? Indien wel, is hy ’n koning! Is die koning toegewyd? Indien wel, is hy ’n dienskneg! So werk dit in die kerk. Dít is die regte soort dienaars vir Jesus wat die regte soort Dienskneg-Koning is.

Die wêreld se leierskap begeer gesag; die dienskneg-leierskap van die koninkryk soek en aanvaar die verantwoordelikheid om te dien.

God wil ons verander in mense wat nie net so nou en dan kies om dienswerk te doen nie. Nee, Hy wil ons hele wese verander sodat ons bediendes, slawe, diensknegte sal wees. Jesus se wese van Dienskneg-Koning moet in ons verwesenlik word. As Jesus die Groot Koning, ’n Dienskneg-Koning is, dan moet ek ook ’n dienskneg-koning wees.

Die Bybel sê baie duidelik vir ons hoe ons as dienskneg-konings nie moet optree nie en hoe wel moet optree.

Filippense 2 sê: “Aangesien julle die troos in Christus ondervind het, die aansporing deur die liefde, die gemeenskap deur die Gees, die innige meegevoel en meelewing—2 maak dan nou my blydskap volkome deur eensgesind te wees: een in liefde, een van hart, een in strewe. 3 Moet niks uit selfsug of eersug doen nie, maar in nederigheid moet die een die ander hoër ag as homself. 4 Julle moenie net elkeen aan sy eie belange dink nie, maar ook aan dié van ander.5 Dieselfde gesindheid moet in julle wees wat daar ook in Christus Jesus was: 6 Hy wat in die gestalte van God was, het sy bestaan op Godgelyke wyse nie beskou as iets waaraan Hy Hom moes vasklem nie, 7 maar Hy het Homself verneder deur die gestalte van ’n slaaf aan te neem en aan mense gelyk te word. En toe Hy as mens verskyn het, 8 het Hy Homself verder verneder. Hy was gehoorsaam tot in die dood, ja, die dood aan die kruis. 9 Daarom het God Hom ook tot die hoogste eer verhef en Hom die Naam gegee wat bo elke naam is, 10 sodat in die Naam van Jesus elkeen wat in die hemel en op die aarde en onder die aarde is, die knie sou buig, 11 en elke tong sou erken: ‘Jesus Christus is Here!’ tot eer van God die Vader.” God word ’n mens. Hy word ’n slaaf.

Hoewel ons graag soos konings bedien wil word moet ons eerder ons Koning soos bediendes dien. Jesus Christus word as voorbeeld vir ons voorgehou, maar Hy is ook baie meer as net ’n voorbeeld. Deur sy Gees en Woord verander Hy my om soos Hy te word. Filippense 2 sê dat as ons dieselfde gesindheid as ons Dienskneg-Koning het, sal ons lewens so lyk:

Ons sal eensgesind wees: een in liefde, een van hart, een in strewe. Ons sal niks uit selfsug of eersug doen nie, maar in nederigheid sal die een die ander hoër ag as homself. Ons sal nie net elkeen aan sy eie belange dink nie, maar ons sal veral ook aan dié van ander dink. Dieselfde gesindheid sal in ons wees wat daar ook in Christus Jesus, ons Dienskneg-Koning was.

Dit is baie belangrik dat ons nie hieroor sal dink wat ons graag wil hê nie, maar wat God graag wil hê, anders staan ons ook soos Petrus in die Here se pad.

3. Daarom leer die Dienskneg-Koning ons nie net dat Hy sou ly nie, maar dat ons ook gaan ly: “34 Jesus het toe die menigte mense saam met sy dissipels nader geroep en vir hulle gesê: ‘As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën, sy kruis opneem en My volg, 35 want wie sy lewe vir homself wil behou, sal dit verloor; maar wie sy lewe vir My en die evangelie verloor, sal

dit behou. 36 Wat help dit ’n mens tog om die hele wêreld as wins te verkry en sy lewe te verloor? 37 Wat sal ’n mens kan gee in ruil vir sy lewe? 38 Wie hom dan vir My en my woorde skaam te midde van hierdie ontroue en sondige geslag, vir hom sal die Seun van die mens Hom ook skaam wanneer Hy kom saam met die heilige engele, en beklee is met dieselfde heerlikheid as sy Vader.’”

En Jesus draai nie doekies om wanneer Hy vir ons sê wat dit gaan kos om Hom te volg nie. Nee, anders as enige verkoopsman of televisieadvertensie, wat net die voordele van 'n saak vir jou voorhou, STEL JESUS DIE VOORWAARDES BAIE DUIDELIK.

Hy sê: “As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën, ELKE DAG SY KRUIS OPNEEM, en My volg.” Om agter Jesus aan te gaan, beteken om sy dissipel te wees, om 'n Christen te wees. As Jesus sê: “As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën, ELKE DAG SY KRUIS OPNEEM, en My volg”, dan maak Hy dit baie duidelik dat jy nie agter Hom kan aan kom sonder om hierdie goed te doen nie. 'n Mens kan dus nie 'n Christen wees en nie jouself verloën nie, nie elke dag jou kruis opneem nie en Jesus nie volg nie.

Daarom moet elkeen wat sê dat hy of sy 'n Christen is, eers hom- of haarself meet aan die vereistes wat Jesus stel: “As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën, elke dag sy kruis opneem, en My volg.”

Om jouself te verloën, beteken om nee te sê vir jou eie begeertes. Dit beteken om nie net aan jouself te dink nie, maar om in die eerste plek na die wil van die Here te vra. Om jouself te verloën, beteken om jou eie sondige hart stil te maak.

Om jouself te verloën beteken dus 'n nuwe manier van dink en daarom ook 'n nuwe manier van lewe. Hierdie manier van dink en hierdie manier van lewe laat jou wegkyk van jouself en laat jou FOKUS op God se wil. Hou op om belangrik te wil wees en begin dien soos Jesus, soos ’n slaaf.

Om jouself te verloën, beteken dus om nie meer vir jouself te leef nie, maar vir God en vir jou naaste. Dit beteken ook om in geen opsig op jou eie prestasies of vermoëns te vertrou nie, maar om jou verlossing volledig by Jesus Christus te soek.

Die tweede vereiste waaraan ons bereid moet wees om te voldoen om 'n Christen te wees, is om elke dag ons kruis op te neem. Die beeld wat Jesus hier gebruik, is die van 'n veroordeelde misdadiger wat gevonnis is om gekruisig te

word. Hy moes self sy kruis, twee aanmekaargespykerde hout balke, dra tot by die plek waar hy tereggestel gaan word. Langs die pad is hy gewoonlik gespot en beledig. Kruisigings was destyds 'n alledaagse gesig en daarom was die beeld van jou kruis opneem vir die dissipels bekend.

Om vandag 'n Christen te wees en jou kruis op te neem, beteken dus dat jy bereid moet wees om die PYN, EN DIE SKANDE, EN DIE BESPOTTING, EN DIE VERVOLGING en die opofferings van Christen wees te verduur. Nie net dit nie, maar jy moet besef dat die pyn jou gaan tref, dat jy in die skande gaan kom, dat jy gespot gaan word, dat jy verneder en vervolg gaan word, dat jy opofferings sal moet maak. 'n Mens kan nie Christen wees sonder om jou kruis te dra nie.

Christen wees en opofferings maak, Christen wees en spot verduur, Christen wees en vervolg word, Christen wees en ly, Christen wees en dien soos ’n slaaf loop dus hand aan hand. Die een kan nie sonder die ander nie.

Die derde vereiste waaraan ons moet voldoen om ware dissipels van die Here te wees, is om Jesus te volg. Om Jesus te volg beteken om in sy voetspore te volg, om te leef soos Hy geleef het, om ander te dien soos Hy gedien het, om te doen wat Hy gedoen het, om Hom te gehoorsaam, om Sy saak uit te dra en te propageer. Dit beteken natuurlik ook om Hom op sy lydenspad te volg, om te deel in sy lyding. Om Jesus te volg, is dus ook 'n voltydse saak. In alles wat ons doen, moet ons Hom bewustelik gehoorsaam.

Uit al drie hierdie voorwaardes van Jesus: “As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën, elke dag sy kruis opneem, en My volg”, is dit duidelik dat om 'n Christen te wees, oorgegewenheid vra, toegewydheid vra, opofferings vra. Jesus wil hê dat elkeen wat agter Hom aan wil kom, baie duidelik moet besef wat dit van hom of haar gaan verg. Daarom maak elkeen wat Hom volg pertinente en duidelike beloftes by belydenisaflegging.

Die vraag waaroor elkeen duidelikheid moet kry, is: Kan ek dit bekostig om agter Jesus aan te gaan? Kan ek dit bekostig om myself te verloën, elke dag my kruis op te neem, en Hom te volg?

Ons moet ook vra: *kan ek dit bekostig om Hom nie te volg nie?*

Dit is duidelik: Om Jesus te volg vra toewyding en oorgegewenheid en die bereidheid om te ly vir Jesus, om te dien soos Hy gedien het, maar om Hom nie te volg nie, beteken noodwendig om nog steeds skuldig te staan voor God, om

geen vergiffenis te ontvang nie, om die ewige dood tegemoet te gaan, om verewig verlore te wees.

Aan mense wat sê: Nee wat, om Jesus te volg, gaan beteken dat ek niks vir myself gaan oorhê nie. Ek sal my lewe moet prysgee, ek sal nie meer my eie baas wees nie, ek sal nie meer kan doen wat ek wil nie, aan sulke mense sê Jesus: ELKEEN wat sy LEWE WIL BEHOU, sal dit VERLOOR. M.A.W., daar is maar net een manier om werklik jou lewe te behou en dit is om dit aan Jesus af te staan. Almal wat net vir hulle self wil lewe sal uiteindelik hulle lewe KWYT WEES, want hulle het geen deel aan die ewige lewe nie. Maar, sê Jesus: elkeen wat sy lewe om My ontwil verloor, sal dit behou.

Jesus praat hier nie net met mense wat hulle lewe verloor, wat sterf vir hulle geloof nie, maar ook met mense wat hulle lewens prysgee in die sin dat hulle nou vir die Here leef EN NIE VIR HULLESELF NIE. Hulle laat nie meer hulle lewens in eie belange opgaan nie, maar in diens. Hulle sal hulle lewens behou - hulle sal die ewige lewe uit genade beërf.

Aan almal wat sê, nee-wat om Christen te wees, om agter Jesus aan te gaan, gaan te veel van my tyd en van my geld verg, dit gaan te veel opofferings van my verg, ek wil nie dien nie, ek wil bedien word, vir sulke mense sê Jesus: “Wat help dit 'n mens as hy die hele wêreld as wins verkry, maar homself verloor of te gronde gaan?”

Daar is dus vir ons net een keuse en dit is die keuse om agter Jesus aan te gaan, om onsself te verloën, ELKE DAG ons KRUIS OP te NEEM, en Jesus te volg. Om te dien soos Hy gedien het.

Die wonderlike is dat God ons self tot hierdie keuse LEI DEUR SY HEILIGE GEES. As dit van onsself afgehang het, sou ons nooit tot so 'n keuse gekom het nie. As dit nie vir God se Gees in ons was nie, sou ons net vir onsself en teen God gekies het. Soos Petrus eers gedoen het. Maar omdat die Gees van God in ons werk, is ons bereid om te dien soos Jesus gedien het.

Dit is so anders as die beeld van triomferende Christene, wat ryk en gesond en voorspoedig is, wat die voorspoedsgodsdiens vir ons voorhou. Nee, ons moet ’n ander beeld uitstraal. Die beeld van verlore sondaars wat God verlos het om sy diensknegte te wees. Dit is die ware beeld van Christenskap.

Amen.

4. 2 TESSALONISENSE 3:13

"Wat julle betref, broers: Moenie moeg word om goed te doen nie."

TEMA: MOENIE MOEG WORD OM GOED TE DOEN NIE!

1. Wat is goeddoen?
2. Goeddoen maak mens moeg.
3. Waar kry ek krag om aan te hou goeddoen?

In ons reeks preke oor die wese van Christenskap, dat ons die Here se bediendes hier op aarde moet wees, het ons in die tweede preke gehoor van Tabita, of te wel tannie Bokkie van Joppe, wat altyd goedgedoen het en armes gehelp het. Altyd. Sy het nie moeg geword daarvan nie! Hoe het sy dit reggekry?

Om goed te doen aan ander mense is seker een van die dinge wat 'n mens die vinnigste moeg maak. Om goed te doen aan ander verg geweldige emosionele krag. Dit tap 'n mens geestelik leeg. Soms maak dit jou moedeloos, so moedeloos dat jy jouself begin afvra: maar is dit ooit die moeite werd? Ek self hou net aan met gee en gee, en almal aanvaar dit nou al as vanselfsprekend. Hulle begin selfs misbruik maak van my. Dit gebeur by die werk, dit gebeur in jou huis, dit gebeur ook in die gemeente.

Goeddoen kan soms selfs 'n mens se moed breek. Veral as jy wil goeddoen, maar jou goeie bedoelings word met vyandigheid of kritiek beantwoord, gewoonlik deur iemand wat self nie 'n vinger sal verroer om self iets aan die saak te doen nie.

En nou sê ons teks nog boonop: "Wat julle betref: Moenie moeg word om goed te doen nie." Moeg word kan ook vertaal word met moedeloos word, om ontmoedig te word, om jou dryfkrag te verloor.

Is daar dan fout met my as goeddoen my moeg maak? Doen ek dan sonde as ek soms voel dat goeddoen al my reserwes opgebruik? Hoe kan ek dit dan regkry om aan te hou met goeddoen?

Voordat ons antwoorde op hierdie vrae soek, is dit baie belangrik dat ons eers sal vra: Maar wat is goeddoen? In die konteks van ons teks is die om nuttige dinge vir ander mense te doen wat hulle bevoordeel.

Om goed te doen, is om in liefde volgens God se Woord te lewe en op te tree. As ’n mens die gebooie van die Here gehoorsaam, doen jy goed. Om goed te doen, is dus om liefde aan God en aan jou naaste te bewys. Om goed te doen, is om jou lewe deur die Gees van God te laat beheers. Dit is om liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing te vertoon in alles wat jy doen. Ja, goeddoen gaan oor dienswerk en gaan daarom gewoonlik met opofferings gepaard.

Om goed te doen beteken dat jy partykeer dinge doen wat jy van nature nie graag wil doen nie, maar wat jy weet iets vir iemand anders sal beteken. Om goed te doen beteken dus dat jy nie meer net vir jouself lewe nie, maar vir God en jou naaste. Goeddoen vra dus opofferings, goeddoen, is harde werk, goeddoen vra die bereidheid om te dien, om diensbaar te wees, om God se eer en jou naaste se belange voorop te stel in alles. Ja, goeddoen vra volharding en toewyding.

As die man en die kinders die vrou van die huis help met huiswerk soos skottelgoed was of vloere stofsuig, dan doen hulle goed. As jy jou belange ondergeskik stel aan die van jou huweliksmaat en jou ander gesinslede, dan doen jy goed. As jy tyd afstaan daaraan om die Evangelie aan jou bure of kollegas te bring, dan doen jy goed. As jy siekes of oumense gaan bemoedig, of hulle help met kosmaak of huisskoonmaak of tuinwerk, dan doen jy goed. As jy jou gesin aanmoedig om huisgodsdiens te hou en Bybel te lees en te bid en eredienste by te woon, dan doen jy goed.

As jy as ouderling of as diaken of as ’n dienende lidmaat hard werk in die gemeente en nuttige dinge vir ander doen, dan doen jy goed. As jy bereid is om katkisasie te gee of te help met die teeskinkbeurt in jou wyk of om op ’n kommissie te dien, dan doen jy goed. As jy sweetpakke vir weeskinders maak, dan doen jy goed. As jy oumense of siek mense gaan besoek, dan doen jy goed. As jy voorbidding doen vir die dienswerk van die kerk of vir medegelowiges in nood dan doen jy goed.

2. Goeddoen sal jou dus moeg maak. Dit sal baie van jou geestelike en fisiese krag tap. Mense sal misbruik maak daarvan, hulle sal dit later as

vanselfsprekend aanvaar, of hulle sal jou kritiseer, jy sal soms stank vir dank kry. Maar dit mag jou nie laat ophou om dit te doen nie!

As die Woord sê: "Wat julle betref: Moenie moeg word om goed te doen nie", dan beteken dit nie dat jy nie fisies of geestelik MAG moeg word daarvan nie, maar dit beteken dat jy nie so moeg en moedeloos moet word dat jy ophou daarmee nie. Die Woord sê dus eintlik: moenie tou opgooi nie, moenie opgee nie, HOU AAN! Moenie verslap nie. Moenie moedeloos word en jou dryfkrag verloor nie.

Ek het eenkeer gehoor van 'n dominee wat gebid het: Here, ek is moeg. Ek is moeg in u diens, maar ek is nie moeg van u diens nie! Ek is moeg *in* u diens, maar ek is nie moeg *van* u diens nie! Die werk maak my moeg, maar ek sal aanhou dien! Ek is moeg gewerk, maar ek is nie moeg vir die werk nie!

In die Hebreërbrief moedig die Here ons telkens aan om te volhard in die geloof, om end uit vol te hou.

Hebreërs 3:14: "Ons behou deel aan Christus as ons end-uit volhard in die vertroue waarmee ons begin het." En in 10:36: "Volharding is wat julle nodig het om die wil van God te doen en te ontvang wat Hy beloof het." En in 12:1: "… laat ons die wedloop wat vir ons voorlê, met volharding hardloop."

En in Hebreërs hoofstuk 6:9-12: "Dit is ons vurige wens dat elkeen van julle end-uit dieselfde ywer as vroeër aan die dag sal lê totdat die dinge waarop julle hoop, vervul is. Julle moet dus nie traag word nie, maar die voorbeeld navolg van dié wat deur geloof en geduld deel gekry het aan die dinge wat God beloof het." Ons mag dus nooit traag word in die geloof nie. Nee, ons moet gelowig en geduldig en ywerig volhard totdat ons deel gekry het aan dit wat God aan ons beloof het. Dit geld ook vir goeddoen.

3. Maar waar kry mens die krag om aan te hou met goeddoen? Die groot geheim van goeddoen, is dat 'n mens se goeddoen altyd moet voortkom uit jou dankbaarheid vir God se genade. As 'n mens goeddoen net om deur ander mense raak gesien te word, as 'n mens goeddoen net sodat ander mense kan sê: kyk net hoe 'n goeie mens is dit daardie, as 'n mens goeddoen om mense te BEHAAG, dan sal jy gou moedeloos word en teleurgestel staan. Dan sal jy ook nie die kritiek op jou pogings kan verwerk nie, want al hierdie pogings gaan eintlik om jouself.

Maar as jy weet: dit wat ek doen, doen ek vir Christus, ek doen dit omdat ek dankbaar is dat Hy my van die sonde en die dood gered het, ek doen dit omdat sy Woord sê: ware dankbare mense doen sulke dinge, ek doen dit omdat ek wil dien soos my Here gedien het, dan sal jy nooit ophou daarmee nie.

Galasiërs 6:9 sê: "Laat ons dan nie moeg word om goed te doen nie, want as ons nie verslap nie, sal ons op die bestemde tyd ook die oes insamel." Jy weet mos: daar is 'n oes om in te samel op die bestemde tyd. M.a.w. wanneer Christus weer kom sal ek en al die ander wat ek deur my goeddoen aangespoor het om die Here te dien, DIE EWIGE LEWE in al sy volheid en heerlikheid binnegaan.

Daarom sê vers Galasiërs 6:10 ook: "Solank ons die geleentheid het, moet ons aan almal goeddoen, veral aan ons medegelowiges."

God het sy Seun aan die dood oorgegee, sodat ons kan lewe. Sal u u enigste kind onskuldig laat doodmaak sodat iemand anders, wat skuldig is, kan lewe? Sekerlik nie! Maar so lief het God ons dat Hy dit gedoen het.

En Jesus het volhard in sy Verlossingswerk, al het dit Hom ook soms moeg gemaak. Hy het ten spyte van teleurstelling en haat en vyandskap aangehou met goeddoen en dien, selfs al het dit Hom uiteindelik sy lewe gekos. Hy het nooit opgehou nie, want Hy het hierdie dinge nie vir Homself gedoen nie, maar vir ons. Hy het nie tou opgegooi nie, want Hy het geweet daar is 'n oes om in te samel.

Paulus skryf in 2 Tessalonisense 3:5: "Mag die Here julle gedagtes rig op die liefde van God en die volharding van Christus!" So spoor die Here ons aan om aan te hou goeddoen.

Mag u ook hierdie genade ontvang en daardeur nooit ophou met goeddoen nie! Onthou, om goed te doen, is om volgens God se Woord te lewe en op te tree en daarom nuttige dinge vir ander te doen. Dit is om te dien soos Jesus gedien het. Om goed te doen, is om liefde aan God en aan jou naaste te bewys. Om goed te doen, is om jou deur die Gees van God te laat beheers. Goeddoen is om die Woord uit te leef en uit te dra.

Ja, goeddoen vra gewoonlik opofferings en dit sal jou moeg maak. Maar as jy altyd aan God se genade aan jou dink, dan het jy 'n onuitputlike bron van krag en energie en ywer om aan te hou goed doen!

Het u al beplan wat en vir wie u hierdie week gaan goeddoen?

AMEN.

5. EFESIËRS 2:10 + Sondag 32

"Nee, God het ons gemaak wat ons nou is: in Christus Jesus het Hy ons geskep om ons lewe te wy aan die goeie dade waarvoor Hy ons bestem het."

TEMA: In Christus is jy gemaak en gered om te dien!

1. **Jy word deur genade alleen gered om te dien.**
2. **Deur my goeie werke:**
   - **Toon ek my dankbaarheid;**
   - **Verkry ek sekerheid van my geloof;**
   - **Wen ek my naaste vir Christus.**

1. In vanoggend se preek in ons reeks oor die wese van Christenskap vra ons: "Hoekom moet ek dien?" Die kategismus vra dieselfde vraag net in ander woorde: "Waarom moet ons nog goeie werke doen?" Ons is dan klaar uit genade deur Christus gered. Waarom dan nog dien soos 'n bediende?

Die Kategismus beklemtoon self in die vraag al dat ons sonder enige verdienste uit genade alleen deur Jesus Christus verlos is. Ons doen dus nie goeie werke dat ons verlos kan word nie. Nee, ons doen goeie werke omdat ons verlos is. Ons teks stel die baie duidelik: "Nee, God het ons gemaak wat ons nou is: in Christus Jesus het Hy ons geskep om ons lewe te wy aan die goeie dade waarvoor Hy ons bestem het." Die Direkte vertaling vertaal ons teks met: "Van Hom is ons immers 'n maaksel, geskep in Christus Jesus om goeie werke te doen en daarvolgens te leef, soos God dit voorberei het."

In Christus is ons dus verlos om goeie dade te doen. Dit is wat God in ons bewerk. As ons goeie en nuttige dinge doen vir ander mense is ons die maaksel van God self, is ons sy handewerk. Hy is steeds besig om in ons te werk, sodat ons sy diensknegte in hierdie wêreld sal wees! Dit is sy handewerk, dit is die maaksel van sy hande, as iemand verander van iemand wat altyd net vir homself geleef het na iemand wat dien!

As jy vir iemand vra: Hoekom het God jou verlos?, sal jy gewoonlik die antwoord kry: Sodat ek die ewige lewe kan kry. Maar dit is nie die **doel** waarom God ons verlos het nie. Die ewige lewe is die **vrug** daarvan dat God ons verlos het.

Die **doel** word duidelik in ons teks uitgespel: "Nee, God het ons gemaak wat ons nou is: in Christus Jesus het Hy ons geskep om ons lewe te wy aan die goeie dade waarvoor Hy ons bestem het."

"Om ons lewe te wy aan die goeie dade waarvoor Hy ons bestem het." Dit is hoekom God ons verlos het. Hy wil gelowiges hê wat hulle lewe wy aan die goeie dade waarvoor Hy ons bestem het. Hy het ons verlos om te dien!

Die hoofrede hoekom gelowiges wat die dinge verkeerd verstaan goeie werke doen is om 'n beloning te ontvang: Ek dien (doen goeie werke/gehoorsaam die wet) om 'n beloning te ontvang (om gered te word/om hemel toe te gaan).

Die hoofrede waarom gelowiges wat hierdie dinge verkeerd verstaan nie goeie werk doen nie, is om dat hulle redeneer: "Ek word gered deur geloof/genade; daarom is dit nie nodig om te dien/te werk/die wet te gehoorsaam nie. Omdat ek vry is (alreeds gered), kan ek leef net soos wat ek wil. Die feit dat ek nie dienswerk doen nie, gaan niks daaraan verander nie."

Die Bybelse antwoord staan egter lynreg teenoor hierdie twee antwoorde wat die mens in die middelpunt plaas. Humanisme neig om ons in wettisisme vas te vang of om ons van alle verantwoordelikheid vry te maak. Maar God se boodskap aan ons is dat ons vry is om te dien. Die Christen se antwoord op hierdie vraag hoekom ek dien is meervoudig. Elke antwoord moet tog ook in die voltooide werk van Christus gegrondves wees.

Die voltooide werk van Christus, dit is die basis van ons verlossing – en daarom het ons 'n drievoudige motivering om te dien.

2. Deur my goeie werke, my dienswerk:
    - Toon ek my dankbaarheid;
    - Verkry ek sekerheid van my geloof;
    - Wen ek my naaste vir Christus.

Die kategismus lê groot klem op dankbaarheid wat lei tot goeie werke.

Vraag 2 vra: "Hoeveel dinge moet jy weet om in hierdie troos salig te kan lewe en sterwe?" Antwoord: "Drie dinge: Ten eerste hoe groot my sonde en ellende is; ten tweede hoe ek van al my sonde en ellende verlos kan word en ten derde hoe ek God vir so 'n verlossing dankbaar moet wees."

Ek moet weet dat ek 'n sondaar is wat die dood verdien. Maar as ek net dit weet, dan help dit my nog niks nie. Ek moet ook weet dat ek verlos is deur Jesus Christus wat ten volle vir my sonde betaal het. Maar selfs al weet ek hierdie

eerste twee dinge en nie die derde een nie, dan weet ek nog nie genoeg nie. Ek moet ook weet hoe ek teenoor God dankbaar moet wees vir my verlossing uit my sondeverlorenheid.

In 51 Sondagsafdelings brei die Kategismus dan uit oor die drie dinge wat ek moet weet om getroos te kan lewe en getroos te kan sterf.

In 3 Sondagsafdelings leer die Kategismus ons hoe groot ons sonde en ellende is. In 27 Sondagafdelings leer die Kategismus ons hoe ons van ons sonde verlos kan word en in 21 Sondagafdelings hoe ons ons dankbaarheid aan God moet bewys vir ons verlossing.

Ongelukkig stop baie mense se kennis om in die troos van die Evangelie te lewe hier by die tweede deel. Hulle weet net van die eerste twee: Hoe groot my sonde en ellende is en hoe ek daarvan verlos kan word. Hulle weet nie van die derde nie, naamlik hoe ek God vir sy verlossing dankbaar moet wees nie. Daarom is daar ook geen vrugte van dankbaarheid in hulle lewens nie.

Dankbaarheid is egter die manier waarop ek die troos beleef! Dankbaarheid is nie om so nou en dan ’n warm gevoel in jou hart te kry teenoor God nie, maar dit is eerder ’n ingesteldheid teenoor God, ’n manier van lewe. Omdat ek weet ek is ’n sondaar wat deur Jesus Christus verlos is van die sonde en die dood, daarom kan ek nie anders as om my dankbaarheid teenoor die Here met die daad te bewys nie.

Sondag 32 is die begin van die derde afdeling, die oor die dankbaarheid. In die afdeling oor dankbaarheid behandel die Kategismus wat goeie werke is en dan die Tien Gebooie en die Ons Vader gebed. ’n Dankbare mens doen dus goeie werke. Hy of sy gehoorsaam dus God se gebooie en hy of sy bid sonder ophou.

Wie insien dat God hom uit genade red, sonder dat hyself iets aan sy eie verlossing kon doen of iets daartoe kon bydra, kan nie anders as om dankbaar te wees nie, kan nie anders nie as om lof aan God te offer nie. Sondag 32 beklemtoon dit: *Die vrug van Christus se verlossing en heiliging in ons lewens is goeie werke uit dankbaarheid.*

Antwoord 86 sê: Omdat Christus ons deur sy Heilige Gees tot sy ewebeeld vernuwe, moet ons goeie werke doen.

Antwoord 87 sê: Mense wat in hulle goddelose en ondankbare lewe volhard en hulle nie tot God bekeer nie, kan nie salig word nie.

Christus het aan die kruis vir al ons sondes betaal. Met sy bloed het Hy ons gekoop en tot sy eiendom gemaak. So het Hy ons met God versoen. Maar in sy groot genade het Christus dit nie daarby gelaat nie. Ons teks sê die resultaat van sy heiligende of vernuwende werk in ons is onder andere dat ons goeie werke doen. Daarmee erken ons dat ook die goeie werke wat ons doen ten diepste van Hom afkomstig is. Dit is Christus wat ons deur sy Heilige Gees dankbaar maak vir sy verlossing en daarom ook aan ons die gewilligheid en begeerte gee om goeie werke te doen.

Bowendien gee Hy ook die krag daartoe. Hierdie feit word ook baie duidelik getoon as Christus sê: "Ek is die wingerdstok, julle die lote. Wie in My bly en Ek in hom dra baie vrugte, want sonder My kan julle niks doen nie" (Joh. 15:5). As die wingerdstok die sap wat hy uit die wortels kry, opstoot in die lote, kan die lote nie anders as om vrugte te dra nie. En as Christus as die ware wingerdstok sy Heilige Gees aan ons, sy lote gee, kan ons ook nie anders as om vrugte te dra, dit wil sê goeie werke te doen nie.

Dan *moet* almal wat deur 'n ware geloof in Christus ingelyf is vrugte van dankbaarheid voortbring. As daar geen vrugte van dankbaarheid, geen goeie werke by ons gevind word nie, toon dit dat ons geen ware geloofsgemeenskap met Christus as die wingerdstok het nie.

Aan die een kant moet ons besef dat as ons dienswerk doen, ons niks het om in te roem nie. Dit is gawes van God. Die inisiatief en die krag om dit te doen kom van die Here af. Christus self doen die goeie werke deur my. Maar omdat God in ons werk, moet ons ook werk (Fil. 2:12, 13). Daarom, aan die ander kant, is die doen van goeie werke ook 'n roeping en plig wat God op ons plaas. In verantwoordelikheid voor God *moet* ons goeie werke doen.

Ons doen dus dienswerk eerstens om ons dankbaarheid teenoor God te toon.

Tweedens: Ons doen goeie werke om sekerheid van die geloof te kry. In die Kategismus word verder gesê dat ons goeie werke doen "*sodat ons vir onsself uit die vrugte van ons geloof sekerheid kan kry*". Dit beteken dat ek uit die dienswerk wat ek doen, kan sien dat ek waarlik 'n kind van God is. Al hierdie dinge is vrugte van die geloof en dien as bewys daarvan dat ons genade by God gevind het en dat ons werklik sy kinders is.

Christus sê: "Wie in My bly en Ek in hom, dra baie vrugte" (Joh. 15:5). As ons dus hierdie vrugte in ons lewe sien, moet ons God daarvoor dank en daaruit sekerheid kry dat ons sy uitverkorenes is.

Derdens: Ons doen goeie werke om ons naaste vir Christus te wen. As ons lewe uit die rykdom van die geloof in Christus sodat dié geloof in ons goeie werke tot openbaring kom, sal die mense rondom ons nie anders kan as om dit raak te sien nie. Uit die Skrif weet ons dat dit vir sommige baie irriterend sal wees en dat hulle die spot sal dryf daarmee (Hand. 2:13; 1 Kor. 1:21–25). Op ander sal ons goeie werke egter ’n magnetiese uitwerking hê. Hulle sal nader getrek word, nie bloot na ons toe nie, maar veral na Christus toe om ons Vader in die hemel te eer (Matt. 5:16; Joh. 15:8).

Nou bely ons dat as ons ons naaste vir Christus wil wen, ons ’n *godvresende lewe* moet hê, met ander woorde ’n lewe wat gekenmerk word deur goeie werke volgens die wil van God.

En nou is die vraag: Lê die oorsaak dat daar so min mense deur ons na Christus getrek word nie daarin dat daar by ons so min van ’n godvresende lewe vol dienswerk gevind word nie? In plaas van ’n dienende, godvresende lewe wat hulle na God toe trek, sien hulle dikwels ’n ongodvresende of ondankbare lewe wat hulle van God af wegstoot. Daar is baie wat ’n weersin in die kerk gekry het juis deur die gedrag van kerkmense.

Selfs ongelowiges verwag van ’n Christen ’n ander soort lewe as van mense wat Christus nie ken nie, en tereg ook! Daarom moet ons ernstig aandag gee aan Petrus se vermaning: “Gedra julle altyd goed onder die heidene sodat, al praat hulle kwaad van julle asof julle misdadigers is, hulle julle voorbeeldige lewe kan sien en God kan verheerlik op die dag van afrekening” (1 Pet. 2:12).

So sien ons dat ons goeie werke uiteindelik moet uitloop op die eer van God. Ons moenie ons eie eer daardeur soek nie maar die eer van God, soos Christus ons ook beveel: “*Laat julle lig so voor die mense skyn, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemel is, verheerlik*” (Matt.5:16).

Ons teks sê mos: “Nee, God het ons gemaak wat ons nou is: in Christus Jesus het Hy ons geskep om ons lewe te wy aan die goeie dade waarvoor Hy ons bestem het.”

Daarom bely ons ook in SO 24 dat dit ONMOONTLIK is dat iemand wat deur ’n ware geloof in Christus ingeplant is, nie vrugte van dankbaarheid sal voortbring nie. Ja, dit is onmoontlik dat iemand wat deur ’n ware geloof in Christus ingeplant is, nie vrugte van dankbaarheid sal voortbring nie.

Kom ons vat saam: Ons doen dus nie goeie werke OM GERED TE WORD NIE, maar ons word gered OM GOEIE WERKE TE DOEN. Ons doen nie goeie

werke OM GERED TE WORD NIE, maar ons doen GOEIE WERKE omdat ons dankbaar is dat ons GERED IS.

En as jy deur Christus gered is, is dit onmoontlik dat jou lewe nie daardeur geraak word nie. Dan sien jy alles in ’n ander lig, want die Heilige Gees vernuwe jou denke. Nou gaan dit nie meer vir jou oor jouself of jou eer nie, maar oor God en oor SY EER.

En sodra dit nie meer vir jou oor jouself gaan nie maar oor God, kry jy dit reg om jou eie belange prys te gee en ander te bedien met die liefde van die Here.

Watse dienswerk gaan u hierdie week doen wat u andersins nie sou gedoen het as u nie dankbaar vir u verlossing in Christus was nie? Vir watse dienswerk het Jesus Christus jou verlos?

Amen.

(Vir hierdie preek is daar met groot vrug gebruikgemaak van Prof. Paul de Bruyn se verklaring van die Kategismus: Jou enigste troos.*)*

6. LUKAS 17:7–10 + Sondag 1

***“7** “Sê nou een van julle het ’n slaaf wat ploeg of vee oppas. Sal hy vir die slaaf sê as hy van die veld af inkom: ‘Kom eet eers gou’? **8** Natuurlik nie! Maar hy sal vir hom sê: ‘Maak vir my iets klaar vir aandete. Sit dan jou voorskoot aan en kom bedien my terwyl ek eet en drink. Daarna kan jy self eet en drink.’**9** ’n Slaaf wat sy opdrag uitgevoer het, word mos nie bedank nie, of hoe? **10** So is dit ook met julle: as julle alles gedoen het wat aan julle opgedra is, sê dan: Ons is slawe wat niks verdien nie. Ons het gedoen wat ons verplig was om te doen.”*

TEMA: ONS EIENAAR IS CHRISTUS, DAAROM IS ONS SY DIENSKENGTE!

1. **Ons smag na troos.**
2. **Hoe troos God ons?**
3. **Die troos is: Ons is diensknegte van Christus!**
4. **Ons is nou vry om te dien!**
5. **Ons Here leer ons om te dien.**

1. Om aan Jesus Christus te behoort, bring troos en daardie troos maak jou dankbaar. So dankbaar dat jy selfs bereid is om dienswerk vir die Here te doen. Om aan Jesus Christus te behoort, bring troos, maar dit bring ook verantwoordelikheid!

Die Kategismus, begin met die baie bekende vraag: “Wat is jou enigste troos in lewe en in sterwe?” Wat is jou troos in hierdie lewe? Wat is jou enigste troos, bedoelende dat daar geen ander troos is nie, net hierdie een enkele een? Wat is jou troos vir as jy elke dag die lewe moet trotseer? Wat is jou troos as jy die dood in die gesig staar, as jy op jou sterfbed lê of as jy in ’n ongeluk of in ’n rooftog of in ’n kaping besef: Hierdie is my laaste oomblik op aarde? Oor ’n minuut of twee gaan ek dood wees? Wat troos jou dan?

Ons het almal troos nodig. Daar is sekerlik nie een enkele mens wat nog nooit enige behoefte aan troos gehad het nie. Ons praat nou nie van opervlakkige troos nie, mooi woordjies wat tog niks beteken nie, maar egte troos wat jou weer kalm en rustig maak; wat jou moed gee om jou moedeloosheid te oorwin en die stryd van die lewe weer aan te durf. Troos wat vir jou perspektief gee op jou eie lewe.

Wanneer dit met ’n mens goed gaan en as ’n mens voorspoed beleef en die lewe sy normale gang gaan, het ’n mens gewoonlik nie behoefte aan troos nie. Maar wanneer dinge begin skeef loop, in krisisse en in tye van angs en smart, begin ’n mens bykans outomaties en soms naarstiglik soek na troos.

Ursinus, een van die opstellers van die Kategismus, sê dat troos eintlik ’n *teëwig* is. As daar leed en droefheid in jou lewe kom, is daar iets moois en iets goeds wat daar teenoor gestel kan word. Iets wat groter is as die leed en die droefheid wat ervaar word en wat dit oorskadu. Dit, sê hy, is ware troos.

Maar waarom het ons troos nodig? As gevolg van die sonde het daar by die mens ’n behoefte aan troos ontstaan. Voor die sondeval het die mens geen behoefte aan troos gehad nie, want hy het in ’n intieme, ongesteurde gemeenskap met God gelewe - God wat die bron van alle ware geluk en vreugde is.

Die breuk met God deur die sonde is die oorsaak van al die leed, lyding en trane. Dit het daartoe gelei dat die mens met ’n brandende hart na troos begin soek het. Ongelukkig, gewoonlik op al die verkeerde plekke. Oral, behalwe by God en sy Woord.

Ons het troos nodig, want ons lewe nou, maar ons sal beslis ook sterf. Ons het troos nodig, want die verskriklikste goed kan met ons gebeur in die lewe.

Misdaad, siekte, ongelukke, finansiële terugslae, onregverdige beskuldigings, noem maar op. Sonder ware troos sal hierdie dinge ons onderkry.

2. Dit bring ons by die vraag: Hoe troos God? Wat ons baie duidelik moet raaksien is dat dit God is wat troos. Net Hy kan. Niemand anders kan nie. Niks anders kan nie. Daarom kan net mense wat Hom ken, deel in die troos. God troos nie leë woorde soos: "*Elke donker wolk het 'n silwer rand*" nie. God troos ons deur die sonde, wat die oorsaak van al die probleme is, weg te neem. Dit doen Hy deur Jesus Christus se Kruis en Opstanding.

Op die vraag: Wat is jou enigste troos in lewe en in sterwe ?, is die antwoord van die Kategismus: "Dat ek met liggaam en siel in lewe en in sterwe nie aan myself nie maar aan my getroue Verlosser, Jesus Christus, behoort. Hy het met sy kosbare bloed vir al my sondes ten volle betaal en my uit alle heerskappy van die duiwel verlos. Hy bewaar my op so 'n wyse dat, sonder die wil van my hemelse Vader, geen haar van my kop kan val nie. Alles moet inderdaad tot my saligheid dien. Daarom verseker Hy my ook deur sy Heilige Gees van die ewige lewe en maak Hy my van harte gewillig en bereid om voortaan vir Hom te lewe."

Let op die werkwoorde:

Ek behoort aan Christus.

Hy betaal, verlos, bewaar. God die Vader beheer selfs die hare op my kop!

Die Heilige Gees verseker en maak my gewillig.

So troos die drie-enige God ons!

Dit is wonderlik dat God ons so troos.

Maar dit is ook net hier waar dinge ook lelik kan skeef loop, veral by mense wat dink God skuld hulle die ewige lewe omdat hulle sulke goeie mense is.

3. Dit is juis vir sulke mense wat Jesus in Lukas 17 sê: "Sê nou een van julle het 'n slaaf wat ploeg of vee oppas. Sal hy vir die slaaf sê as hy van die veld af inkom: 'Kom eet eers gou'? 8 Natuurlik nie! Maar hy sal vir hom sê: 'Maak vir my iets klaar vir aandete. Sit dan jou voorskoot aan en kom bedien my terwyl ek eet en drink. Daarna kan jy self eet en drink.'9 'n Slaaf wat sy opdrag uitgevoer het, word mos nie bedank nie, of hoe? 10 So is dit ook met julle: as julle alles

gedoen het wat aan julle opgedra is, sê dan: Ons is slawe wat niks verdien nie. Ons het gedoen wat ons verplig was om te doen."

Baie mense aanvaar die troos dat hulle nou nie meer aan hulleself behoort nie, maar hulle aanvaar nie die implikasie daarvan dat hulle nou aan Jesus Christus behoort, dat hulle nou sy slawe is nie. Daarom aanvaar hulle ook nie die opdrag om dienswerk te doen nie.

Ons wil ook graag erkenning hê vir wat ons in die kerk doen en wat ons in die geloof doen. Baie mense doen wat hulle doen in die kerk, sodat hulle erkenning kan kry en as dit nie gebeur nie, hou hulle op om dit te doen. Ons wil graag hoor dat mense sê: Jy is darem 'n groot Christen, jy is darem 'n goeie mens, jy verdien die hoogste erkenning vir al jou dienswerk!

Maar Jesus se woorde laat ons anders dink hieroor: "'n Slaaf wat sy opdrag uitgevoer het, word mos nie bedank nie, of hoe? 10 So is dit ook met julle: as julle alles gedoen het wat aan julle opgedra is, sê dan: Ons is slawe wat niks verdien nie. Ons het gedoen wat ons verplig was om te doen."

Hoe is 'n kosbare en kundige slaaf behandel destyds? Hy het aan sy eienaar behoort. Sy eienaar het hom goed versorg en kos en klere en mediese sorg gegee. Maar omdat hy aan sy eienaar behoort het, moes hy sy eienaar dien en bedien en gehoorsaam in alles. Selfs as hy die hele dag harde plaaswerk gedoen het, moet hy as hy daarmee klaar was eers vir sy eienaar kos maak en hom bedien. Eers daarna kon hy self eet en gaan rus.

Nou sê ons Here (so tussen hakies, Here beteken Eienaar, Eienaar van slawe), nou sê Hy wat ons verlos het en gekoop het met sy bloed en ons elke dag versorg - Nou sê ons Eienaar, Jesus Christus: "'n Slaaf wat sy opdrag uitgevoer het, word mos nie bedank nie, of hoe? 10 So is dit ook met julle: as julle alles gedoen het wat aan julle opgedra is, sê dan: Ons is slawe wat niks verdien nie. Ons het gedoen wat ons verplig was om te doen."

As ons dienswerk doen, Christus se bediendes in die wêreld is, dan is ons steeds slawe wat niks verdien nie. God skuld ons niks nie. Hy kan ons enige oomblik verdelg as Hy wil, want dit is wat ons verdien oor ons sonde en ons sondige aard. Ons skuld Hom 'n lewe van dankbaarheid omdat Hy ons verlos het. As ons dienswerk doen, dan doen ons maar net wat ons verplig is om te doen.

Maar ons teks laat ons ook verder dink. Vers 10 sê: “So is dit ook met julle: as julle alles gedoen het wat aan julle opgedra is, sê dan: Ons is slawe wat niks verdien nie. Ons het gedoen wat ons verplig was om te doen.”

Het ons regtig al alles gedoen wat aan ons opgedra is? Nee, nie naastenby nie! Ons het maar nog net ’n klein deeltjie gedoen van wat aan ons opgedra. Nie een van ons het al alles vir die Here gedoen wat ons uit dankbaarheid verplig is om te doen nie! Boonop is ons beste werke ook onvolmaak en met sonde besmet. Ons is inderdaad slawe wat niks verdien nie!

Vir aardse slawe of bediendes sê die Woord in 1 Petrus 2:18–19: “Bediendes, onderwerp julle met die nodige ontsag aan julle werkgewers, of hulle nou goedhartig en vriendelik is, of onredelik. 19 Dit is genade as iemand die pyn van onverdiende lyding verduur omdat hy aan God getrou wil wees.

As ’n aardse bediende of slaaf sy eienaar so onwrikbaar en onvoorwaardelik moet gehoorsaam, hoeveel te meer moet ons nie ons Here Jesus gehoorsaam wees nie as Hy sê: Gaan wees my bediende in die wêreld! Ek stuur jou om my liefde te gaan betoon aan alle mense, ook aan hulle wat my nog nie ken nie.

Ons is nou vry om te dien! Daarom sê Galasiërs 5:1: “Christus het ons vry gemaak om werklik vry te wees. Staan dan vas in hierdie vryheid en moet julle nie weer onder ’n slawejuk laat indwing nie.” Hoe staan ons vas in hierdie vryheid? Deur te dien! Ons was slawe van die Satan, maar Jesus het ons kom verlos. Ons behoort nou aan Hom. Nou moet ons ons verlossing uitleef en ons moet ons nie weer onder die slawejuk van Satan laat indwing nie. Dit is presies wat ons wel gaan doen as ons gaan aanhou om vir onsself te leef.

4. Daarom sê Galasiërs 5:13: “Julle, broers, julle is tot vryheid geroep. Moet net nie julle vryheid misbruik as ’n verskoning om sonde te doen nie, maar dien mekaar in liefde.” Slawe van Christus beleef hulle vryheid deur mekaar in liefde te dien! Hulle besef dat hulle, omdat hulle nou aan Christus behoort, hulle deel van sy Liggaam, die kerk, is. Daarom is ’n slaaf van Christus meelewend en dien hy sy medemens met liefde!

Ware vryheid is dus juis om aan Jesus gebind te wees. Ware vryheid is dus juis om God bo alles lief te hê en jou naaste soos jouself. Ware vryheid is dus juis om die wet uit dankbaarheid te gehoorsaam. ’n Vis is net vry as hy in die water bly. ’n Trein kan net loop as hy op die spore bly.

So kan ’n mens net vry wees as hy binne die veilige lewensruimte bly wat God vir ons deur sy wet geskep het. Sodra ons daarbuite beweeg, stel ons ons self aan gevaar bloot. Dan is ons weer slawe van die sonde.

Ons is nou vry om God bo alles lief te hê, om Hom met oorgawe te dien en om liefde aan ons naaste te bewys.

Tog kies baie om nog steeds in hulle ondankbaarheid te volhard en om net vir hulle self te lewe. Ons skinder, ons is oneerlik, ons maak mekaar seer, huweliksmaats breek mekaar af, ouers en kinders leef in onmin, ons stel ons eie belange bo God s’n en ons naaste s’n, ons is onwillig om in God se diens te staan, ons is geestelik hoogmoedig en sien neer op ander wat sogenaamd nie sulke goeie mense soos ons is nie, ons meet ander mense aan ons eie standaarde, in plaas daarvan dat ons onsself aan God se standaarde meet.

Baie lewe ook nog as slawe van die wet, want hulle wil hulle self red met hulle godsdiens en hulle eie goeie werke. Hulle glo nog steeds: Ek moet gereeld kerk toe gaan, gereeld ’n bydrae gee, ’n skoon lewe lei, anders kan ek nie gered word nie. Daarom is godsdiens vir hulle swaar. Daarom is kerk toe gaan vir hulle ’n loodsware plig en dankoffers gee ’n onnodige ergernis en siekes besoek ’n te moeilike opgaaf.

Dit is swaar, want hulle probeer die onmoontlike regkry: hulle probeer goed genoeg wees om gered te word, hulle probeer hulleself red met hulle goeie werke, hulle wil vry word deur die wet te onderhou. Hulle het verval in ’n self-help godsdiens. Hulle vergeet dat Christus ons uit genade gerede het en vrygenaak het om sy diensknegte in die wêreld te wees!

5. Het u opgelet dat hierdie troos dat ek ’n slaaf van Christus is, ’n invloed op ons het? Die troos doen iets aan ons! Nadat die Heilige Gees my van hierdie wonderlike troos verseker het, sê die Kategismus: **maak Hy my van harte gewillig en bereid om voortaan vir Hom te lewe.**

- Hy maak my
- van harte gewillig en bereid
- om voortaan vir Hom te lewe!

Daarom kan Paulus vir die Tessalonisense skryf: “4 En nou het ons nog iets anders om van julle te vra, broers. Julle het van ons geleer hoe God wil hê julle moet lewe. Julle doen dit ook, maar in die Naam van die Here Jesus versoek ons julle dringend: Lê julle nog meer daarop toe.” (1 Tes. 4)

Die ou Vertaling sê: "VERDER dan, broeders, vra en vermaan ons julle in die Here Jesus dat julle, soos julle van ons geleer het hoe julle moet wandel en God behaag, nog oorvloediger mag wees."

Hierdie troos moet dus my lewenswyse verander! Hoe lyk so 'n lewe waartoe die Heilige Gees my van harte gewillig en bereid maak? So 'n lewe vertoon die volgende kenmerke:

- God lief hê
- Naaste lief hê
- Woord gehoorsaam
- Werk soos 'n bediende in God se diens
- Dankbaar wees
- Getrou wees
- Opofferings maak in God se diens
- Heilig lewe en
- broederliefde.

By die volgende Nagmaal gaan God die teenoorgestelde doen as die eienaar in ons teks. Hy gaan ons, wat salwe is wat niks verdien nie, laat aansit aan sy tafel en Hy gaan ons bedien met brood en wyn, die tekens van die liggaam en bloed van Jesus Christus!

Met die Nagmaal bevestig Hy die troos dat ons nie aan onsself behoort nie, maar aan Christus en met nagmaal gee Hy ook die krag en die motivering om te dien, soos iemand wat weet: as ek alles gedoen het wat aan my opgedra is, sê dan: Ons is slawe wat niks verdien nie. Ons het gedoen wat ons verplig was om te doen.

Amen.

(Vir hierdie preek is daar met groot vrug gebruikgemaak van Prof. Paul de Bruyn se verklaring van die Kategismus: Jou enigste troos.*)*

7. HEBREËRS 12:1-3.

***"1** Terwyl ons dan so 'n groot skare geloofsgetuies rondom ons het, laat ons elke las van ons afgooi, ook die sonde wat ons so maklik verstrik, en laat ons die wedloop wat vir ons voorlê, met volharding hardloop, **2** die oog gevestig op*

Jesus, die Begin en Voleinder van die geloof. Ter wille van die vreugde wat vir Hom in die vooruitsig was, het Hy die kruis verduur sonder om vir die skande daarvan terug te deins, en Hy sit nou aan die regterkant van die troon van God. ***3*** *Hou Hom voor oë wat so 'n vyandige optrede van die sondaars teen Hom verdra het. Dan sal julle nie geestelik moeg word en uitsak nie."*

TEMA: WARE DIENSKNEGTE SAL LY!

1. **Jesus, die ware Dienskneg, het gely**
2. **Kyk na Hom as jy ly ondat jy dien**
3. **God sal nie jou dienswerk vergeet nie!**

1. Ons het nou al ses preke gehoor wat ons aanspoor om Jesus Christus se bediendes in die wêreld te wees. Maar daar is 'n baie belangrike saak wat hiermee verband hou wat u baie mooi moet verstaan. Ware diensknegte van die Here sal ly! God se bediendes sal swaarkry in die wêreld.

Ons moenie dink dat almal van ons sal hou of dat alles voorspoedig sal verloop omdat ons bereid is om Jesus Christus se dienswerk in die wêreld te doen nie. In teendeel! Kyk maar wat het met Jesus self gebeur. Hy het gekom om die wêreld te dien met God se liefde, en wat het Hy daarvoor gekry?: Hy is wreed vermoor. Nadat Hy gemartel is, is Hy aan 'n kruis gespyker waar Hy 'n pynlike dood gesterf het!

Maar Hy het nie van sy roeping afgesien bloot omdat Hy teenstand sou kry of gekry het nie! Allermins: Ons teks sê: "Ter wille van die vreugde wat vir Hom in die vooruitsig was, het Hy die kruis verduur sonder om vir die skande daarvan terug te deins, en Hy sit nou aan die regterkant van die troon van God. [3]Hou Hom voor oë wat so 'n vyandige optrede van die sondaars teen Hom verdra het. Dan sal julle nie geestelik moeg word en uitsak nie."

Hy het die kruis verduur sonder om vir die skande daarvan terug te deins. Hy het as die eintlike Kneg van die Here die helse pyn en Godverlatenheid aan die kruis verduur. Hy het nie teruggedeins van die skande van die kruis nie, maar die pad enduit geloop.

Sy motivering, sê vers 2, was die vreugde wat vir Hom in die vooruitsig was. Die vreugde om sy volgelinge te verlos en vir hulle die ewige lewe te bekom, het Hom gemotiveer. Die vreugde om na die voltooiing van sy dienswerk saam met sy Vader op die troon van die heelal te gaan sit. Die vreugde om eendag saam met sy diensknegte op die nuwe aarde te kan woon. Dit het Hom die lyding laat deurmaak!

Die Here weet dat sy ware diensknegte ook sal ly en swaarkry in die wêreld. Daarom bemoedig Hy ons ook opnuut met: **laat ons die wedloop wat vir ons voorlê, met volharding hardloop.**

2. Volhard in jou dienswerk soos wat Jesus volhard het! Moenie tou opgooi wanneer dinge begin swaar gaan juis omdat jy God se dienskneg in die wêreld is nie. Volhard. Byt vas. Hou aan. Druk deur!

Om te kan volhard, moet jy na Jesus kyk en Hom volg. Die Woord sê: "En laat ons die wedloop wat vir ons voorlê, met volharding hardloop, [2]die oog gevestig op Jesus, die Begin en Voleinder van die geloof." Daarom voeg vers 3 ook by: "[3]Hou Hom voor oë wat so 'n vyandige optrede van die sondaars teen Hom verdra het. Dan sal julle nie geestelik moeg word en uitsak nie."

Jesus het self gesê dat die leerling nie belangriker is as die Leermeester nie. As Hy gely het vir sy dienswerk, sal ons ook ly as ons sy dienswerk doen. As Hy vyandige optrede van sondaars teen Hom moes verdra, dan sal ons ook moet!

Daarom moet ons nooit teen ons omstandighede vaskyk as ons ly omdat ons dien nie, maar moet ons opkyk na ons Here Jesus: "[3]Hou Hom voor oë wat so 'n vyandige optrede van die sondaars teen Hom verdra het. Dan sal julle nie geestelik moeg word en uitsak nie."

Ons het ook al in hierdie reeks preke gehoor dat dienswerk ons sal moeg maak. Ons teks leer ons hoe om hierdie moeg word te hanteer: Kyk na Jesus! Dan sal julle nie geestelik moeg word en uitsak nie.

Ware diensknegte gaan ly! Maar as ons na Jesus gaan kyk, as ons die vreugde van die ewige lewe in gedagte hou, sal ons nie terugdeins nie, maar aanhou om dienswerk te doen, selfs al gaan ons daardeur lyding oor ons self bring.

3. In Hebreërs 6:10 kry ons hierdie pragtige belofte: "God is nie onregverdig nie: Hy sal julle werk nie vergeet nie en ook nie die liefde wat julle vir sy Naam betoon het deurdat julle julle medegelowiges gedien het en nog dien nie."

Dit is baie duidelik dat ons ons verhouding met God nooit kan losmaak van ons verhouding met medegelowiges nie. 'n Mens betoon jou liefde aan die Here ook DEURDAT jy jou medegelowiges dien! Die vers sê nie dat 'n mens jouself red deur jou goeie werke nie. Nee, 'n mens word uit genade deur Christus gered, maar dit sê dat 'n mens ook nie sonder jou goeie werke gered word nie.

'n Goeie boom dra goeie vrugte. Ten spyte van teenstand moet ons aanhou om vir die Here te werk, aanhou om lief te wees vir Hom, en daarom aanhou om ons medegelowiges te dien met ons gawes. Om iemand te dien, beteken tog om iets vir die persoon te doen. Om soos Jesus 'n voorskoot om te bind en mense se voete te was.

Daarom sê Galasiërs 6:9,10 ook: "Laat ons dan nie moeg word om goed te doen nie, want as ons nie verslap nie, sal ons op die bestemde tyd ook die oes insamel. 10 Solank ons die geleentheid het, moet ons dus aan almal goed doen, veral aan ons medegelowiges."

Behalwe die voorbeeld van Jesus, wat aanhou dien het ten spyte van die swaarkry wat dit oor Hom sou bring, kry ons baie voorbeelde in die Bybel van volgelinge van Jesus wat volhard het om goed te doen vir ander mense, selfs al het dit lyding in hulle lewens veroorsaak.

Een so 'n voorbeeld is Paulus. God roep hom om die apostel vir die heidennasies te wees. Paulus het gou geleer, as God jou roep om iets te doen, beteken dit nie dit gaan maklik wees nie. As volgeling van Jesus Christus sal jy ly, selfs en veral terwyl jy besig is om jou roeping te vervul!

In 2 Korintiërs 12 skryf Paulus oor 'n doring in sy vlees wat die Here nie wou wegneem nie, ten spyte van al Paulus se dienswerk en opofferings.

Wat bedoel Paulus met 'n doring in die vlees? 'n Doring in jou voet maak seer, baie seer. Hier moet ons dink aan pendoring wat amper dwarsdeur jou voet steek. Jy kan nie een tree gee sonder om die verkriklike brandpyn te voel nie. Paulus se doring in sy vlees was so erg dat dit vir hom gevoel het of 'n boodskapper van die satan hom met vuiste slaan, al was hy 'n dienskneg van die Here.

Wat hierdie doring was, kan ons maar net oor bespiegel. Party mense wonder of dit nie Malaria was wat kort-kort vir Paulus platgetrek het nie. Ander bespiegel dat dit 'n ander siekte was of dalk 'n oogprobleem.

Die waarskynlikste verklaring is dat die swaar wat Paulus in sy bediening beleef het, die lyding wat hy in sy dienswerk beleef het, sy doring was. In 2 Korintiërs 12:10 sê hy mos: "Daarom is ek bly oor swakhede, beledigings, ontberings, vervolging en moeilikhede ter wille van Christus."

Paulus se doring was dus waarskynlik dat hy nie groot suksesse beleef het as prediker nie, dat daar nie duisende op een dag tot bekering gekom het as hy

gepreek het nie, dat hy nie roem en eer verwerf het nie, dat alles nie dadelik vir hom in plek geval het nie, maar dat daar eerder swakhede, beledigings, ontberings, vervolging en moeilikhede ter wille van Christus was. Dit was waarskynlik sy doring in sy vlees.

In hoofstuk 11 beskryf hy die doring so: “Ek het harder gewerk, ek was meer in die tronk, ek is meer dikwels geslaan, ek was dikwels in doodsgevaar. 24 Vyf maal het ek van die Jode die gebruiklike straf van nege en dertig houe gekry, 25 drie maal het ek lyfstraf gekry, en een maal is ek met klippe gegooi. Drie maal het ek skipbreuk gely en een maal het ek ’n dag en ’n nag in die oop see deurgebring. 26 Ek was dikwels op reis en in gevaar: daar was gevare van riviere, gevare van rowers, gevare van my volksgenote en gevare van heidene; gevare in die stad en gevare in die veld; gevare op see en gevare onder vals broers. 27 Daar was vir my harde werk en swaarkry, dikwels nagte sonder slaap, dikwels honger en dors; en dikwels was ek sonder kos, sonder skuiling of bedekking teen die koue. 28 Behalwe dit alles was daar nog die daaglikse bekommernisse, die besorgdheid oor al die gemeentes. 29 As iemand swak is, voel ek asof ek self ook swak is; as iemand in sonde val, voel ek asof ek ook deur vuur gaan. 30 As daar dan geroem moet word, sal ek roem, maar dan oor my swakhede.”

Net ware dienaars van die Here sal aanhou dien ten spyte van sulke swaarkry! Mense wat daarop uit is om hulle self te bevoordeel en nie om die koninkryk van God te bevorder nie, sal gou moedeloos word en dros. Die swaar wat jy bereid is om te ly terwyl jy dienswerk doen, is dikwels ’n aanduiding van hoe eg jou roeping is.

Na die wonderlike openbaring wat Paulus ontvang het en na die wonderwerke wat God deur hom gedoen het, soos byvoorbeeld om dooies lewendig te maak, kon Paulus baie maklik op ’n selfverheerlikings toer gegaan het, soos wat vals leraars vandag nog doen.

Hulle is so besig om te vertel van die wonderlike dinge wat hulle sogenaamd gesien het en die sogenaamde wonderwerke wat hulle kan doen, dat hulle heeltemal vergeet om te vertel hoe groot en wonderlik God se genade in Jesus Christus is. Mens sien ook bitter min egte dienswerk in hulle lewens.

Paulus erken self dat hy alle rede gehad het om te spog. Maar God het juis vir hom ’n doring in die vlees gegee om hom op sy plek te hou – en Paulus is dankbaar daarvoor: “Daarom, sodat ek nie hoogmoedig sou wees nie, is daar vir

my ’n doring in die vlees gegee, ’n boodskapper van Satan om my met vuiste te slaan. 8 Drie maal het ek die Here gebid dat dit van my af weggeneem moet word. 9 Sy antwoord was: ‘My genade is vir jou genoeg. My krag kom juis tot volle werking wanneer jy swak is.’ Daarom sal ek baie liewer oor my swakhede roem, sodat die krag van Christus my beskutting kan wees.”

Paulus self sê dus: Die swaarkry in sy bediening sal nie weggaan nie. Die doring sal bly, selfs al het hy die Here tot drie maal toe gebid om dit weg te neem. Maar God se genade sal genoeg wees.

Het u ook ’n doring in die vlees? Ek dink ons almal het. Party se dorings is dalk net groter as ander s’n en maak seerder as ander s’n, maar ons het almal een of meer dinge wat die lewe vir ons moeilik of selfs ondraaglik maak, al is ons besig om dienswerk vir die Here te doen.

Elke nagmaal wat ons vier, spoor ons juis aan om dít te doen: “laat ons die wedloop wat vir ons voorlê, met volharding hardloop, [2]die oog gevestig op Jesus, die Begin en Voleinder van die geloof. [3]Hou Hom voor oë wat so ’n vyandige optrede van die sondaars teen Hom verdra het. Dan sal julle nie geestelik moeg word en uitsak nie.”

Die nagmaal vestig ons oë opnuut op Jesus en spoor ons ook aan om te volhard in ons dienswerk, selfs al bring dit lyding mee!

Amen.

8. KOLOSSENSE 3:23, 24

*“**23** Wat julle ook al doen, doen dit van harte soos vir die Here en nie vir mense nie, **24** omdat julle weet dat julle van die Here as beloning sal kry wat Hy belowe het. Christus is die Here in wie se diens julle staan.”*

TEMA: JY BEVOORDEEL JOUSELF AS JY DIENSWERK DOEN!

1. **Doen dit vir die Here**
2. **Jy sal beloon word daarvoor**
3. **Jou geloof sal daardeur verryk word**

Ons sluit vandag die reeks preke oor die wese van Christenskap af. Nadat ons 7 preke oor die onderwerp gehoor het, besef ons dat ons barmhartigheid moet betoon soos wat God dit doen en dat ons moet dien soos wat ons Here Jesus

gedien het. In hierdie laaste preek hoor ons dat ons onsself bevoordeel as ons dit gaan doen!

1. Om deel te kry aan die voordeel, is dit egter belangrik om ag te slaan op die eerste deel van ons teks: “Wat julle ook al doen, doen dit van harte soos vir die Here en nie vir mense nie.”

As ons barmhartigheid gaan betoon soos God en gaan dien soos die Here Jesus gedien het, moet die hoofoogmerk wees om God te verheerlik, om die dienswerk vir Hom te doen. Sommige mense betoon barmhartigheid en hulle dien omdat hulle dink dat hulle hulleself daardeur kan red. Ons weet egter dat ons net uit genade alleen deur Christus alleen gered word.

Paulus praat hier met aardse slawe, maar dit wat hy vir hulle sê, geld vir ons elkeen as gelowiges, want ons is die Here se slawe. Ons teks sê mos: Christus is die Here, die Eienaar, in wie se diens julle staan.

Alles wat ek doen, ook die barmhartigheid wat ek betoon en die dienswerk wat ek doen, moet ek vir die Here doen, om Hom te verheerlik! Ek moet dus dieselfde gesindheid as Paulus in Filippense 1:20 hê waar hy sê: “Dit is my vurige verlange, en daarna sien ek uit, dat ek niks sal doen waaroor ek my sal hoef te skaam nie. Ek wil ook nou, soos nog altyd, met alle vrymoedigheid deur my hele wese Christus verheerlik in lewe en in sterwe.”

As my hoofdoel op aarde is om God te verheerlik en as die hoofdoel van my lidmaat-wees van die kerk is om God te verheerlik, dan is daar baie dinge in my lewe wat moet verander. Ek moet besef: Die hoofrede waarom ek eredienste bywoon, is om God te verheerlik. As ek wegbly van ’n erediens dan kies ek willens en wetens om God nie te verheerlik nie.

Die hoofrede waarom ek my beroep beoefen, is om die Here te verheerlik. As ek my werk nie doen om God daarmee te verheerlik nie, dan doen ek dit om die verkeerde rede.

As ek ’n dankoffer gee om enige ander rede as om God te verheerlik, dan gee ek dit om die verkeerde redes. As ek kies om nie dankoffers te gee nie of om gebrekkige offers te gee, dan kies ek om die Here nie te verheerlik nie.

As ek katkisasie bywoon, dan doen ek dit in die eerste plek om die Here te verheerlik. As ek na die geestelike behoeftes van my gesin of my wyk omsien, dan doen ek dit om die Here te verheerlik. As ek ontspan of vakansie hou of saam met vriende is, moet ek dit ook so doen dat ek die Here verheerlik. As ek

iemand vermaan, moet ek dit so doen dat God verheerlik word en as ek vermaan word, moet ek dit so aanvaar dat God verheerlik kan word. As ek sy Woord uitdra, doen ek dit om Hom te verheerlik!

Die kerk het baie take op aarde: Ons moet mekaar liefhê, ons moet die Woord uitdra, ons moet verderf in hierdie wêreld teenwerk, ons moet na mekaar uitreik en ons moet na die wêreld uitreik. Noem maar op. Maar dit moet alles onder hierdie een HOOFDOEL gebeur: Om God te verheerlik.

Ook ons dienswerk doen ons nie om 'n beloning te ontvang nie, maar om God te verheerlik! "Wat julle ook al doen, doen dit van harte soos vir die Here en nie vir mense nie!"

2. Al doen ons nie ons dienswerk om 'n beloning te ontvang nie, maar uit dankbaarheid om God te verheerlik, gaan ons tog 'n beloning kry! Ons teks sê mos: "23 Wat julle ook al doen, doen dit van harte soos vir die Here en nie vir mense nie, 24 omdat julle weet dat julle van die Here as beloning sal kry wat Hy belowe het."

Letterlik staan daar: Omdat julle weet dat julle van die Here 'n erfdeel, 'n erfporsie, as beloning sal kry. Ons sal dus beloon word vir ons dienswerk, maar dit sal soos 'n erfporsie wees, wat jy nie verdien nie. Dit is dus 'n genadeloon en nie 'n verdiende loon nie! Wat is die verskil?

Wel die Kategismus vra in Vraag 63: "Verdien ons goeie werke dan niks nie, terwyl God hulle tog in hierdie en die toekomstige lewe wil beloon?
Antwoord: Hierdie beloning word nie uit verdienste nie maar uit genade gegee."

As jy vir 'n jong kind vra om jou motor te was, 'n kind wat eintlik nog te klein is om dit te doen, en jy belowe hom R 20 as hy dit doen, en die motor lyk slegter na die tyd as voor die tyd en jy gee tog maar die R 20 wat jy belowe het, dan is dit 'n genadeloon en nie 'n verdiende loon nie. Die kind verdien dit nie. Hy het eintlik die motor net nog meer besmeer. Maar omdat jy genadig is, gee jy tog maar vir hom sy R 20. So maak God ook!

Maar as my goeie werke beloon word, beteken dit nie dat my goeie werke my tog kan help om die ewige saligheid te bereik nie?

Die Kategismus antwoord hierop baie duidelik: "Hierdie beloning word nie uit verdienste nie maar uit genade gegee" Christus sê immers self: "As julle alles

gedoen het wat aan julle opgedra is, sê dan: Ons is slawe wat niks verdien nie. Ons het gedoen wat ons verplig was om te doen" (Luk. 17:10).

Sonder dat Jesus Christus in ons werk deur sy Woord en sy Gees sou ek in elk geval geen dienswerk gedoen het nie. God beloon dus wel ons onvolmaakte, met sondebesmette vrugte van die geloof, maar dit net omdat Hy genadig is.

My dienswerk sal dus uit genade beloon word!: "23 Wat julle ook al doen, doen dit van harte soos vir die Here en nie vir mense nie, 24 omdat julle weet dat julle van die Here as beloning sal kry wat Hy belowe het."

Ook wanneer ek dink my dienswerk is sinneloos, want mense waardeer dit nie, hulle maak misbruik van my, ek bring selfs lyding oor my self met my dienswerk, moet ek na die genadeloon uitsien!

Jesaja het al aan hierdie belofte van 'n genadeloon vasgehou as hy in Jesaja 49:4 skryf: "Maar die Here sál aan my reg laat geskied, my God sál my beloon." Dit is 'n geloofsbelydenis, want werk in diens van die Here is werk wat in die geloof gedoen word. Die vrug daarvan is nie altyd sigbaar nie, veral nie in hierdie lewe nie, maar daar sal vrug wees: "Maar die Here sál aan my reg laat geskied, my God sál my beloon", sê God se Woord.

Ons opdrag is om te saai, om God se liefde en sy Woord te saai. Na die beste van ons vermoë, biddend, pligsgetrou, met ywer. Ons werk is nie om te laat groei nie. God sal die groei gee op sy tyd. Ons moet net saai. Partykeer word ons moedeloos, want ons sien nie groei nie. Ons word moedeloos, want ons dink die groei is van ons afhanklik en daar gebeur dan niks nie. Nee, die vrug en die groei is van God afhanklik. Net Hy kan dit gee. Maar Hy vra van ons om te saai en te plant en nat te maak.

Paulus sê in 1 Korintiërs 3:6-8: "[6]Ek het geplant, Apollos het natgegooi, maar dit is God wat laat groei het. [7]Dit gaan dus nie om die een wat plant of die een wat natgooi nie, maar om God wat laat groei. [8]Die een wat plant en die een wat natgooi, staan op gelyke voet: God sal elkeen beloon volgens sy werk." Ja, ook Paulus sê: Dit is God wat laat groei. En: God sal elkeen beloon volgens sy werk.

Hy sal sorg vir die groei op sy tyd. Deel God se liefde uit en saai die Woord in die geloof dat God wel groei en vrug sal gee: "Maar die Here sál aan my reg laat geskied, my God sál my beloon."

Werk in God se diens is dus nooit te vergeefs nie. Die sukses van die werk hang nie daarvan af of daar groei en vrug op die werk is nie, maar of dit in gehoorsaamheid aan die Here gedoen is. As jy liefdesdiens gedoen het in gehoorsaamheid aan God se opdrag, dan was jy suksesvol, of daar nou

oënskynlik geen vrug was nie en of daar ’n duisend mense tot bekering gekom het, maak nie saak nie. Jou taak is om in gehoorsaamheid te dien soos Jesus gedien het.

Calvyn sê: “Alhoewel ek my oënskynlik tevergeefs vermoei het en ek my heeltemal verniet afgesloof het, tog is dit genoeg dat die Here bly was oor my gehoorsaamheid aan sy opdrag om die Woord uit te dra.” “Maar die Here sál aan my reg laat geskied, my God sál my beloon.”

Daarom, al sien ons nou geen vrug op ons dienswerk nie, moet dit vir ons genoeg wees om te weet ons was gehoorsaam aan God wat op sy tyd die vrug en die groei sal gee. Hou dus aan om met vreugde gehoorsaam te wees aan God se opdrag om Jesus Christus se bediende in die wêreld te wees en hou op om jou te bekommer oor die vrug, wat net God kan gee. Verheug jou in jou gehoorsaamheid. Ons teks sê mos: “23 Wat julle ook al doen, doen dit van harte soos vir die Here en nie vir mense nie, 24 omdat julle weet dat julle van die Here as beloning sal kry wat Hy belowe het.”

3. Deel van die erfdeel wat ons as beloning sal ontvang, is dat ons eie geloof verryk en versterk sal word deur die dienswerk wat ons doen! Ons bevoordeel dus nie net ander mense deur ons dienswerk nie, ons bevoordeel ook onsself!

Baie mense het ’n verkeerde idee oor geloofsverryking. Hulle het die idee van: Geloofsverryking beteken dat ek een of ander buitengewone ervaring moet hê. Ek sal een of ander besondere gevoel beleef. Baie mense dink vandag dit is wat geloofsverryking beteken: een of ander ekstatiese ervaring of gevoel of belewenis.

Maar hierdie idee is nie Bybels nie. Nee, geloofsverryking in die Bybel is om jou geloof in dade te laat oorgaan. Om tot aksie oor te gaan. Om dienswerk te doen. Daarom is daar dalk mense wat teleurgesteld is met die Bybel se idee van geloofsverryking. Hulle wou iets beleef, maar die Heilige Gees stuur hulle om iets te gaan doen!, en daarvoor is hulle nie lus nie.

Luister maar wat sê God se Woord in 2 Petrus 1: “Julle moet alles in die stryd werp om julle geloof te verryk met deugsaamheid, die deugsaamheid met kennis, die kennis met selfbeheersing, die selfbeheersing met volharding, die volharding met godsvrug, die godsvrug met liefde onder mekaar en die liefde onder mekaar met liefde vir alle mense.”

Hier word nie ’n woord gesê oor gevoel nie, maar alles oor wat ons moet gaan doen. Maar as ons hierdie dinge gaan doen, gaan uitleef, gaan beoefen, dan gaan ons geloof verryk word, dan sal ons iets beleef. Jy sal beleef dat jou geloof groei, jy sal dit beleef dat jy Jesus Christus beter leer ken.

Gaan u nou na die diens na iemand toe stap wat u glad nie ken nie of dalk net van sien ken en uself voorstel? Gaan u u wyk nooi om volgende week te kom teedrink by u huis?

Gaan u ’n wyksbyeenkoms reël by die kerk? Gaan u die name van almal oor 80 kry en gaan u hulle begin besoek? Gaan u by ’n Bybelstudiegroep aansluit?

Gaan u ’n punt daarvan maak om medelidmate goed genoeg te leer ken sodat u alles in die stryd kan werp om u geloof met broederliefde te verryk?

Gaan u ’n punt daarvan maak om as ’n dienskneg ’n getuie te wees van Christus se genade?

Onthou, ons behoort nie aan die kerk om bedien te word nie. Ons behoort aan die kerk om die Here te dien en die Here sê: As jy my wil dien, moet jy ook alles in die stryd werp om jou medegelowiges te dien. So sal jy jou eie geloof verryk.

Dit sluit in: Dra mekaar se laste. Bewys liefde aan mekaar. Ware broederliefde is om self te gaan en te gaan help en vertroos.

Ek verryk my geloof mos deur liefde te bewys, te gee en nie deur daarop ingestel te wees om dit te ontvang nie. Broederliefde beteken dus ook dat ons mekaar in liefde sal dien.

Almal is nie hier ter wille van my nie. Ek is hier ter wille van hulle. Daarom moet ek ook my geloof verryk deur ander te dien. Soos Jesus bereid was om sy dissipels se voete te was, so moet ons ook bereid wees om mekaar te dien.

Ons glo mos ook aan die gemeenskap van gelowiges. Dit is die gemeenskap van mense wat deur God vergewe is en wat daarom ook bereid is om mekaar te vergewe. Maar die gemeenskap van die gelowiges beteken ook dat ons die gawes wat die Here aan ons elkeen gegee het, sal aanwend tot eer van God se Naam en tot voordeel van my broeder en my suster in die Here. Dat ons dit nie net sal doen nie, maar gewillig en met vreugde.

Deur barmhartigheid te bewys soos God en te dien soos Jesus sal ons met ons lewens bewys dat God ons geroep en verkies het. So sal ons God eer en so sal ons geloof verryk word. So sal ons as gemeente aan ons Godgegewe doel beantwoord. So sal ons nie net die gemeenskap van die heiliges bely nie, maar ook verwesenlik en so sal ons vrye en feestelike toegang hê tot die ewige koninkryk van ons Here en Verlosser, Jesus Christus.

Die nagmaal herinner ons aan God se barmhartigheid en Jesus se dienswerk. Gaan maak u nou God se barmhartigheid en Jesus se dienswerk sigbaar in die wêreld. Christus, Hy wat bereid was om aan die kruis te sterf vir ons sondes, Hy is mos die Here in wie se diens ons staan.

Amen.